<ul style="list-style-type: none"> • fundamentele kennis te demonstreer rondom die gebruik van invoer-toestelle en 'n woordverwerkingsprogram; • tikvaardighede en praktiese vaardighede te demonstreer in elementêre woordverwerkingsfunksies deur gebruik te maak van relevante gevallestudies; • oor die vermoë te beskik om onderrig en leer van relevante onderwerpe wat in die module aangespreek word te fasiliteer in die toepaslike graad; en • kwessies wat verband hou met die etiese gebruik van e-dokumente te verstaan. 		
Metode van aflewering:		
Modulekode: CATE 211		NKR-Vlak
Titel: REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE ONDERWYS REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE: GEVORDERDE WOORDVERWERKING		
Module-uitkomste:		
Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • oor soliede kennis te beskik van invoer-toestelle, 'n woordverwerkings-program en die didaktiese aspekte van die unieke onderrigmetodes vir RTT, met spesiale verwysing na inklusiewe onderrig; • gevorderde woordverwerkingsfunksies te demonstreer deur gebruik te maak van relevante gevallestudies; • oor die vermoë te beskik om onderrig en leer te fasiliteer in relevante onderwerpe wat aangespreek word in hierdie module in die toepaslike graad; en • die etiese gebruik van 'n woordverwerkingsprogram in die onderrig-leer omgewing te verstaan 		
Metode van aflewering:		
Modulekode: CATE 221		NKR-Vlak
Titel: ONDERWYSREKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE: SIGBLADVERWERKINGSVAARDIGHEDE		
Module-uitkomste:		
Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • oor soliede kennis en begrip te beskik van die algemene konsepte van 'n sigbladprogram in onderrig-verwante voorbeelde; • oor deeglike vaardighede te beskik in die ontwerp, redigering, formattering en bestuur van sigblaaië en kaarte sowel as die toepaslike probleem-oplossingsvaardighede met behulp van 'n sigblad pakket; • oor die vermoë te beskik om onderrig en leer te fasiliteer in relevante onderwerpe wat aangespreek word in hierdie module in die toepaslike graad; en • begrip van die etiese gebruik van 'n sigbladprogram te demonstreer in die onderrig-leer omgewing. 		
Metode van aflewering:		
Modulekode: CATE 311		Vlak
Titel: ONDERWYSREKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE: VOORLEGGINGS, DESKTOP PUBLISHING EN WEB ONTWERP		
Module-uitkomste:		
Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • oor afgeronde en sistematiese kennis te beskik van die gebruik van toepaslike sagteware in aanbiedings, Desktop Uitgewery en Web ontwerp; • deeglike praktiese vaardighede en ontwerpbeginsels te demonstreer by die gebruik van aanbiedings, desktop uitgewery en Web ontwerp en die vermoë om hierdie toepassings te integreer met ander toepassing-sagteware; • oor die vermoë te beskik om onderrig en leer te fasiliteer in relevante onderwerpe met betrekking tot aanbiedings, desktop uitgewery en Web ontwerp in die toepaslike graad; en • oor die vermoë te beskik om verskeie bronne te evalueer ten einde inligting te bekom en aan te wend in aanbiedings, desktop uitgewery en Web ontwerp. 		
Metode van aflewering:		

Modulekode: CATE 321		NKR-Vlak
Titel: ONDERWYSREKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE: DATABASISSE EN DATA KOMMUNIKASIE		
Module-uitkomste:		
Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • oor afgeronde en sistematiese kennis te beskik van die ontwerp en bestuur van 'n databasis, verkillende tipes netwerke, kommunikasiemedia en protokol, sowel as die hantering van data in 'n netwerk; • deeglike praktiese vaardighede te demonstreeer in die ontwerp en bestuur van 'n databasis sowel as die vermoë om die verskillende netwerk topologieë en netwerk media te vergelyk en evalueer; • oor die vermoë te beskik om onderrig en leer van relevante kennis en vaardighede aangaande rekenaarnetwerke en databasisse te fasiliteer in die toepaslike graad; en • datakommunikasie en oordragetegnologieë wat huidig gebruik word krities te evalueer. 		
Metode van aflewering:		
Modulekode: CMPF111		NKR-Vlak
Titel: ONDERWYSREKENAARGELETTERDHEID		
Module-uitkomste:		
Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • fundamentele kennis te demonstreeer van persoonlike Rekenaarstelsels, toepassingsprogrammatuur en inligtings- en kommunikasievaardighede; • praktiese vaardighede te demonstreeer in verband met die gebruik van 'n woordverwerkingsprogram, sigbladprogram en aanbiedings-program soos van toepassing op opvoedkunde en onderrig; • probleem-oplossingsvaardighede te demonstreeer in die beplanning en praktiese toepassing van toepassingsprogrammatuur in die onderrig-leer omgewing; en • etiese aspekte te demonstreeer en evalueer met betrekking tot die gebruik van rekenaars in die onderrig-leer omgewing. 		
Metode van aflewering:		
Modulekode: CTED211		NKR-Vlak
Titel: SIVIELE TEGNOLOGIE METODIEK		
Module-uitkomste:		
Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • oor fundamentele kennis te beskik van die Nasionale Kurrikulum Verklaringsbeleid vir Siviele Tegnologie in die VOO-fase; • oor kennis en vaardighede te beskik in probleem-gebaseerde onderrigbenaderings; en • oor die vermoë te beskik om gepaste Tegnologie lesse te beplan in ooreenstemming met die unieke tegnologiese proses wat gebruik word as die organiserende konsep. 		
Metode van aflewering:		
Modulekode: CTED321		NKR-Vlak
Titel: SIVIELE TEGNOLOGIE METODIEK		
Module-uitkomste:		
Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • kurrikulumontwikkeling binne die Siviele Tegnologie studieveld; • toepassing en bepreking van 'n verskeidenheid gepaste assesseringstrategieë in verskeie taaktipes wat van toepassing is binne die Siviele studieveld; en • implementasie van ontwerp en saamstel van portefeuljes wat van toepassing is op beide opvoeders en leerders. 		
Metode van aflewering:		
Modulekode: CTED421		Vlak
Titel: SIVIELE TEGNOLOGIEMETODIEK		
Module-uitkomste:		
Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n verbale bewusheid en begrip te demonstreeer rondom die veiligheidsaspekte van toepassing op die klaskamer, werkwinkel en terreinbesoeke gedurende praktiese sessies; • Siviele Tegnologie portefeuljes vir beide leerders en onderwysers kan ontwerp en saamstel; en • oor die vermoë te beskik om kennis en vaardighede te integreer wat bekom is in die voorafgaande modules in die saamstel en aanbied van 'n Siviele Tegnologieopvoedingsprojek. 		

Metode van aflewering:		
Modulekode: CTEE211		NKR-Vlak
Titel: SIVIELE TEGNOLOGIE VIR ONDERWYS		
Module-uitkomste:		
Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • oor basiese kennis te beskik ten einde die regte gereedskap te identifiseer vispesifieke werk; • oor die vermoë te beskik om elektriese handgereedskap en masjinerie te gebruik in houtwerk en die korrekte veiligheidsmaatreëls toe te pas; • die terminologie van messelwerk te kan verduidelik; • probleme te verduidelik en identifiseer wat gewoonlik geassosieer word met die mislukking van fondasies in sekere grondformasies; en • oor die vermoë te beskik om sy/haar standpunt te kommunikeer in geskrewe formaat. 		
Metode van aflewering:		
Modulekode: CTEE221		NKR-Vlak
Titel: SIVIELE TEGNOLOGIE VIR ONDERWYS		
Module-uitkomste:		
Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • oor basiese kennis te beskik rondom die keuse, ontwerp en maak van korrekte houtwerkvoë tydens praktiese werksessies; • alle relevante terme te kan verduidelik wat voorkom in die studieveld; en • sy/haar basiese kennis te kan weergee aangaande beton, betonmengsels en die bewerking van verskeie aggreagaatmengsels. 		
Metode van aflewering:		
Modulekode: CTEE311		NKR-Vlak
Titel: SIVIELE TEGNOLOGIE VIR ONDERWYS		
Module-uitkomste:		
Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • oor die kennis te beskik om huisplanne te ontwerp, beplan en teken; • oor deeglike kennis te beskik en gepaste dakke en dakstutte te kan beskryf, selekteer en ontwerp vir verskillende strukture; • sy/haar kennis te kan analiseer en verduidelik aangaande die gedrag van verskillende grondsoorte; • grondige kennis te kan verduidelik en kan uitdruk aangaande strukture wat pas by die tekortkominge van die grond; en • sy/haar standpunt te kan kommunikeer en demonstreer deur middel van sketse en in geskrewe formaat. 		
Metode van aflewering:		
Modulekode: CTEE321		NKR-Vlak
Titel: SIVIELE TEGNOLOGIE VIR ONDERWYS		
Module-uitkomste:		
Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • sy/haar kennis te kan weergee deur verskeie aspekte van die konstruksie van fondamente en gravitasiemure te bespreek en ontwerp; • oor deeglike kennis te beskik en die metode vir die ontwerp van pilare en balke te bespreek; • deeglike kennis te toon deur besprekings en vergelykings te doen aangaande verskeie aspekte van konstruksies, gebaseer op terreinbesoeke en digitale foto's; • kennis aangaande sanitêre komponente en installering te kan analiseer en verduidelik; en • grondige kennis te kan weergee en uitdruk aangaande die belangrikheid van die bestuur van sanitêre werke en die gebruik van natuurlike watertoevoer. 		
Metode van aflewering:		
Modulekode: CTEE411		NKR-Vlak
Titel: SIVIELE TEGNOLOGIE VIR ONDERWYS		
Module-uitkomste:		
Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • oor grondige kennis te beskik aangaande verskillende gevorderde ontwerpbeginsels van strukture en geboue deur gebruik te maak van beginsels van krag en meganika; • grondige kennis en 'n sistematiese benadering tot die berekening van materiale wat benodig word vir die voltooiing van strukture te kan analiseer, gebruik en verduidelik deur beginsels van 		

<p>hoeveelheidsberekeninge te demonstreer; en</p> <ul style="list-style-type: none"> • deur middel van navorsing die goed-geformuleerde argumente in terme van die probleme en oplossings wat gewoonlik in die praktyk voorkom verbaal te kommunikeer. 		
Metode van aflewering:		
Modulekode: CTEE421		NKR-Vlak
Titel: SIVIELE TEGNOLOGIE VIR ONDERWYS		
Module-uitkomste:		
Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n sistematiese en deeglike benadering te openbaar teenoor verskillende teorieë wat van toepassing is op die praktyk in terme van beginsels van meganika; • 'n afgeronde en grondige kennis te demonstreer aangaande die beginsels van sterkte en struktuurleer; en • grondige kennis en vaardighede te demonstreer en kommunikeer aangaande opmeting. 		
Metode van aflewering:		
Modulekode: ECOD321		NKR-Vlak
Titel: EKONOMIEMETODIEK:VOO-FASE		
Module-uitkomste:		
Na die voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n afgeronde en sistematiese kennisbasis van lesbeplanning, student programontwikkeling, onderrig ondersteuningsmateriaal en onderrigbestuur van die vakdidaktiek ekonomie te hê, sowel as 'n deeglike begrip van sleutelbegrippe, reëls, konsepte en vasgestelde beginsels en teorieë aangaande die aanbidding van Ekonomie ooreenkomstig die Nasionale Kurrikulumverklaring; • inligting rakende konsepte in Ekonomiemetodiek te versamel, te organiseer en krities te evalueer, asook die vermoë om op toepaslike wyse met konkrete en abstrakte sowel as onbekende inligting te werk deur gebruik te maak van teorie-gedrewe argumente en IT; vaardighede • samehangend en betroubaar as individu of in groepsverband te kommunikeer rakende die stappe in ekonomiese ontwikkeling deur die eeue heen, en om inligting effektief met behulp van IT vaardighede aan te bied; en • kennis en vaardighede wat bemeester is in hierdie module effektief in onderrig aan studente in die toekoms te kan gebruik in ooreenstemming met vasgestelde norme en waardes. 		
Metode van aflewering:		
Modulekode: ECOD411		NKR-Vlak
Titel: EKONOMIEMETODIEK:VOO-FASE		
Module-uitkomste:		
Na voltooiing van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • oor 'n omvattende en sistematiese kennisbasis van die Nasionale Kurrikulum Verklaring en ander verwante departementele beleids- dokumente vir graad 10 – 12 te beskik en te kan toepas en 'n ingeligte en kritiese verstaan te toon van beginsels en teorieë met betrekking tot klaskamerbestuur, kreatiewe onderwysers en aktiewe leer in die ekonomie-klaskamer; • kritiese analise, sintese en evaluering van kwantitatiewe en kwalitatiewe inligting in verband met klaskameradministrasie, -organisasie en rekordhouding te kan doen; • oor die vermoë beskik om akademies-professionele inligting rakende die assessering van ekonomie-onderrig en die beplanning en voorbereiding van 'n ekonomie les effektief aan te bied deur effektiewe gebruikmaking van IT vaardighede en samehangend en betroubaar te kommunikeer in individuele of in groepsverband; • die kennis en vaardighede wat hy in hierdie module bemeester het, in die toekoms te kan gebruik om die vak Ekonomie effektief en vol-gens die norme en waardes soos deur die Onderwys departement voorgeskryf aan graad 10 – 12 studente op die Uitkomsgebaseerde Onderwys benadering te kan aanbid. 		
Metode van aflewering:		
Modulekode: ECOE111		NKR-Vlak
Titel: ONDERWYSEKONOMIE: INLEIDING TOT EKONOMIE (DEEL 1)		
Module-uitkomste:		
Na voltooiing van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n grondige, uitgebreide kennis van sleutel terme, erkende beginsels en teorieë met betrekking tot die konsep ekonomie, die ekonomiese probleem en die meting van ekonomiese prestasie te kan weergee en 'n goeie begrip van die verbruiker en die produsent, die produksie- en verdelingsvraagstukke, asook die onderlinge afhanklikheid tussen die belangrikste 		

sektore, markte en vloei in 'n gemengde ekonomie en die ontwikkeling en prestasie van die Suid-Afrikaanse ekonomie te toon;

- inligting m.b.t. hierdie en die verwante begrippe skaarsheid, keuse, geleentheidskoste, mikro- en makro-ekonomie, positiewe- en normatiewe ekonomie, nasionale inkomte en spesifiek die bepaling en probleme by die bepaling daarvan, die gebruike van nasionale inkomesyfers en die metodes om nasionale inkomte te verhoog te versamel, organiseer en te interpreter;
- opdragte rakende die genoemde leerinhoud effektief as individu of in groepsverband uit te voer en probleme op relevante ekonomiese terreine kreatief op te los deur gebruik te maak van toepaslike tegnologie;
- inligting in hierdie verband samehangend en betroubaar te kan aanbied ten einde die kennis en vaardighede wat jy in hierdie module bemeester het in die toekoms te kan gebruik om dit effektief en volgens etiese gevestigde norme en waardes aan jou studente te onderrig.

Metode van aflewering:

Modulekode: ECOE121

NKR-Vlak

Titel: ONDERWYSEKONOMIE: INLEIDING TOT EKONOMIE (DEEL 2)

Module-uitkomst:

Na voltooiing van hierdie module behoort die student:

- 'n grondige, uitgebreide kennis van sleutel terme, erkende beginsels en teorieë met betrekking tot resente ekonomiese verwante onderwerpe, vraagstukke soos privatisering, deregulering, nasionalisering, arbeidsverdeling, massaproduksie, die bevolking en arbeidsmag van die RSA, prysvorming, elasticiteit en ekonomiese stabiliteit te kan weergee en 'n goeie begrip van die gebruik van grafieke en die vertolking daarvan, sakesiklusse en inflasie te toon;
- inligting met betrekking tot hierdie, strategiese hulpbronne in die RSA en die verwante begrippe behoeftes, nut, waarde, vraag, aanbod en markewewig te versamel, organiseer en te interpretere;
- opdragte rakende die genoemde leerinhoud effektief as individu of in groepsverband uit te voer en probleme op relevante ekonomiese terreine kreatief op te los deur gebruik te maak van toepaslike tegnologie;
- inligting in hierdie verband samehangend en betroubaar te kan aanbied ten einde dit in die toekoms te kan gebruik om dit effektief en volgens etiese gevestigde norme en waardes aan studente te onderrig.

Metode van aflewering:

Modulekode: ECOE211

NKR-Vlak

Titel: ONDERWYSEKONOMIE: MIKRO-EKONOMIE

Module-uitkomst:

Na voltooiing van hierdie module behoort die student:

- 'n ingeligte begrip te toon en oor 'n grondige kennisbasis van sleutel terme, reëls, konsepte, gevestigde beginsels en teorieë met betrekking tot vraag en aanbod in aksie, en spesifiek veranderings in vraag en aanbod, owerheidsinmenging, volmaakte en onvolmaakte mededingende markte en die teorie van verbruikerskeuse en ekonomiese- en streeksontwikkeling beskik;
- inligting oor hierdie en die verwante begrippe nut, verbruikersewewig, markewewig, 'n monopolie, monopolistiese mededinging, 'n oligopolie en markewewig te versamel, organiseer, krities te analiseer en te interpretere;
- die vermoë toon om inligting rakende die teorie van produksie, koste, verstedeliking en die informele sektor samehangend en betroubaar te kommunikeer in individuele of in groepsverband en 'n seleksie van inligting in verband met basiese koste- en winsbegrippe asook produksie en koste op beide die kort- en langtermyn te maak en inligting in hierdie verband aan te bied deur effektiewe gebruikmaking van IT-vaardighede;
- die kennis en vaardighede wat hy in hierdie module bemeester het, in die toekoms te kan gebruik om dit effektief en volgens etiese gevestigde norme en waardes aan studente te onderrig.

Metode van aflewering:

Modulekode: ECOE221

NKR-Vlak

Titel: ONDERWYSEKONOMIE: VAN MIKRO- TOT MAKRO-EKONOMIE

Module-uitkomst:

Na voltooiing van hierdie module behoort die student:

- 'n ingeligte begrip te toon en oor 'n grondige kennisbasis van sleutel terme, reëls, konsepte, gevestigde beginsels en teorieë met betrekking tot die arbeidsmark en meer spesifiek arbeid as produksiefaktor, volmaakte en onvolmaakte mededingende arbeidsmarkte, loonverskille, die makro-ekonomiese aspekte van die arbeidsmark, die owerheidssektor, belasting en fiskale beleid arbeidsverhoudinge, mark- en owerheidsmislukking, openbare- en privaat besit en funksies van

- die staat te beskik;
- inligting met betrekking tot die arbeidsvraagstuk, vakbonde in die RSA, die rol van die staat in produksie, owerheidsbesteding en die finansiering van owerheidsbesteding te versamel, organiseer, krities te analiseer en te interpreteer;
- die vermoë toon om inligting met betrekking tot die monetêre sektor, die konsepte van belasting, vereistes van 'n goeie belastingstelsel en tipes belastings samehangend en betroubaar te kommunikeer in individuele of in groepsverband en 'n seleksie van inligting in verband met geld en geldgeassosieerde instrumente, die Suid-Afrikaanse Reserwebank, die monetêre beleidsraamwerk in Suid-Afrika en die begroting te maak en inligting in hierdie verband aan te bied deur effektiewe gebruikmaking van IT vaardighede;
- die kennis en vaardighede wat hy in hierdie module bemeester het, in die toekoms te kan gebruik om dit effektief en volgens etiese gevestigde norme en waardes aan studente te onderrig

Metode van aflewering:

Modulekode: ECOE311

NKR-Vlak

Titel: ONDERWYSEKONOMIE: MAKRO-EKONOMIESE VRAAGSTUKKE (DEEL 1)

Module-uitkomst:

Na voltooiing van hierdie module behoort die student:

- 'n ingeligte begrip te toon van sleutel terme, reëls, konsepte, beginsels en teorieë met betrekking tot internasionale handel, armoede, ekonomiese integrasie en produktiwiteit en oor 'n afgeronde en sistematiese kennisbasis van ekonomies verwante vraagstukke, eenvoudige Keynesiaanse makro-ekonomiese modelle en makro-ekonomiese teorie en beleid te beskik;
- inligting met betrekking tot ekonomiese integrasie, internasionale handel, armoede, produktiwiteit en die ekonomiese beleid van die staat te versamel, organiseer, krities te analiseer en te interpreteer en die vermoë te besit om met onbekende en abstrakte inligting in verband met eenvoudige Keynesiaanse makro-ekonomiese modelle om te gaan deur gebruik te maak van grafieke en teorie-gedrewe argumente;
- samehangend en betroubaar in die bogenoemde verband te kommunikeer in individuele of in groepsverband en inligting in hierdie verband aan te bied deur effektiewe gebruikmaking van IT vaardighede;
- die kennis en vaardighede wat jy in hierdie module bemeester het, in die toekoms te kan gebruik om dit effektief en volgens etiese gevestigde norme en waardes aan jou studente te onderrig.

Metode van aflewering:

Modulekode: ECOE321

NKR-Vlak

Titel: ONDERWYSEKONOMIE: MAKRO-EKONOMIESE VRAAGSTUKKE (DEEL 2)

Module-uitkomst:

Na voltooiing van hierdie module behoort die student:

- oor 'n afgeronde en sistematiese kennisbasis van werkloosheid en ekonomiese groei en ontwikkeling te beskik, 'n ingeligte begrip te toon van sleutel terme, reëls, konsepte, beginsels en teorieë met betrekking tot die oorsake, gevolge en meting van inflasie;
- die vermoë te besit om met onbekende en abstrakte inligting in verband met die aard en berekening van prysindekse om te gaan deur gebruik te maak van onbekende berekeningsmetodes en teorie-gedrewe argumente en inligting met betrekking tot die belangrikheid van toerisme in 'n land se ekonomie te versamel, organiseer, krities te analiseer en te interpreteer;
- samehangend en betroubaar te kan kommunikeer in individuele- of in groepsverband oor die stappe in die ekonomiese ontwikkeling deur die eeue heen en inligting in hierdie verband aan te bied deur effektiewe gebruikmaking van IT vaardighede;
- die kennis en vaardighede wat hy in hierdie module bemeester het, in die toekoms te kan gebruik om dit effektief en volgens etiese gevestigde norme en waardes aan studente te onderrig.

Metode van aflewering:

Modulekode: EDCC112

NKR-Vlak

Titel: PROFESSIONELE STUDIES

Module-uitkomst:

Na afloop van hierdie module behoort die student:

- 'n fundamentele kennis van die verband tussen opvoeding, onderrig en leer in klaskamer aktiwiteite (instruksionele beplanning en implementering) sowel as 'n realistiese skoolomgewing te kan demonstree;
- vooraf saamgestelde waarnemingsinstrumente te gebruik om belangrike skool en roetine administratiewe aktiwiteite te identifiseer en om bevindings ten opsigte van geselekteerde aspekte van die waarneming te kommunikeer in 'n geskrewe verslag asook in 'n mondelinge aanbieding;

<ul style="list-style-type: none"> relevante en eties korrekte reëls, teorieë, prosesse, prosedures, beginsels, formate en konvensies te identifiseer om studente waar ten neem ten einde elementêre gedragsprobleme te identifiseer en verslae saam te stel en bevindinge te kommunikeer; en opvoedkundige media/tegnologie te kan ontwerp en implementeer vir die vlak van studie. 		
Metode van aflewering:		
Modulekode: EDCC113		NKR-Vlak
Titel: BASIESE INLEIDING TOT OPVOEDKUNDE		
Module-uitkomste:		
Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> grondige kennis te demonstreer oor wat die filosofie van opvoeding is deur die essensiële vrae wat oorweeg behoort te word wanneer 'n filosofie van opvoeding ontwikkel word, die doelstellings van 'n filosofie van opvoeding te identifiseer en te beskryf; die standhoudende kategorieë van 'n filosofie, naamlik ontologie, kosmologie, antropologie en epistemologie te identifiseer en verduidelik; grondige kennis rakende die filosofiese grondslae van uitkomsgebaseerde onderwys te demonstreer; 'n eie lewensfilosofie/filosofie van opvoeding te formuleer; die historiese raamwerk van die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel te beskryf en die lesse wat geleer is neer te skryf; en die vermoë te demonstreer om probleme op te los deur middel van dialoog waarin eie waardes en oortuigings verduidelik word, en morele en spirituele aangeleenthede en dilemmas in opvoeding te analiseer. 		
Metode van aflewering:		
Modulekode: EDCC123		NKR-Vlak
Titel: KURRIKULUMONTWIKKELING VIR OPVOEDERS		
Module-uitkomste:		
Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> die noodgheid van kurrikulum verandering te motiveer teen die Suid Afrikaanse agtergrond; fundamentele kennis te demonstreer met betrekking tot die filosofiese begrondings en beginsels van die uitkomsgebaseerde kurrikulum; om die komponente van die uitkomsgebaseerde kurrikulum te identifiseer en te verduidelik; om die interafhanklikheid en interaksie tussen die komponente van die kurrikulum ontwikkelingsproses te bespreek; om die uitkomsgebaseerde nasionale kurrikulum en ander kurrikula te interpreteer; om die vaardighede te demonstreer om leerprogramme, werkskedules en lesplanne te ontwikkel; en om die rol van die onderwyser as dinamiese agent van kurrikulumontwikkeling te beskryf. 		
Metode van aflewering:		
Modulekode: EDCC124		NKR-Vlak
Titel: PRAKTIESE ONDERWYS		
Module-uitkomste:		
Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> die teoretiese kennis toe te pas wat hy/sy verkry het in die verskillende professionele studie modules in werksverwante opleiding 'n bewustheid van die kompleksiteit van die onderwyser se rolle om leer te bevorder te kan beskryf in die komplekse onderwysomgewing die vermoë te demonstreer om professionele verhoudings te vorm observasievaardighede te ontwikkel en gebruik, observasiedata te kan ontleed en te kan reflekteer op werksverwante opleidingsondervinding die vermoë te demonstreer om 'n professionele onderwyser te wees in SA 		
Metode van aflewering:		
Modulekode: EDCC213		NKR-Vlak
Titel: INLEIDING TOT OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE		
Module-uitkomste:		
Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> 'n grondige kennis van globale perspektiewe in Gemeenskap Opvoedkundige Sielkunde te demonstreer; 'n grondige kennis van teoretiese fundamente vir Gemeenskap Opvoedkundige Sielkunde te demonstreer; die praktiese toepassings van Gemeenskap Opvoedkundige Sielkunde in Suid-Afrikaanse skool- 		

<p>en klaskamer-kontekste met spesifieke verwysing na Inklusiewe Onderwys en Gesondheidsbevorderende skole te begryp;</p> <ul style="list-style-type: none"> • grondige kennis en begrip vir menslike ontwikkeling van geboorte tot laat adolessensie te demonstreer; • grondige kennis van fisieke, neurologiese en intellektuele hindernisse tot leer te demonstreer; en • die bevoegdheid om die kennis toe te pas om fisieke, neurologiese en intellektuele hindernisse tot leer identifiseer te demonstreer. 		
Metode van aflewering:		
Modulekode: EDCC212		NKR-Vlak
Titel: PROFESSIONELE STUDIES		
Module-uitkomste:		
<p>Na afloop van hierdie module behoort die studente:</p> <ul style="list-style-type: none"> • oor 'n soliede kennisbasis te beskik van onderrig en leer binne 'n gestruktureerde en formele, uitkomsgebaseerde omgewing, met betrekking tot die verskeie leer-fasiliteringstrategieë en -vaardighede; • 'n grondige begrip te openbaar van die behavioristiese en inligtingsverwerkingsteorieë, en beginsels wat onderrig, leer en assesseringsprosesse, -prosedures, -metodes en -vaardighede oor die algemeen ondersteun; • oor 'n soliede kennisbasis te beskik van onderrig en leer binne 'n gestruktureerde en formele, uitkomsgebaseerde omgewing, met betrekking tot die verskeie leer-fasiliteringstrategieë en -vaardighede; • 'n soliede begrip te openbaar ten opsigte van uitkomsgebaseerde assessering; • individueel en in groepsverband oor die vermoë te beskik om 'n teoreties-gebaseerde motivering te verskaf vir onderrig- en assesseringstrategieë wat van toepassing is op 'n spesifieke leeromgewing en skoolfase; • oor die vermoë te beskik om die beginsels en praktyk van lesbeplanning te versterk in ooreenstemming met 'n gegewe formaat en assesseringskriteria deur gebruik te maak van die mees effektiewe instruksionele vaardighede vir 'n spesifieke onderrig-leeromgewing; en • 'n persoonlike waardesisteem kan integreer met lesbeplanning, assesseringstrategieë en instruksionele vaardighede. 		
Metode van aflewering:		
Modulekode: EDCC222		NKR-Vlak
Titel: OPVOEDKUNDIGE SELKUNDE		
Module-uitkomste:		
<p>Na afloop van hierdie module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • soliede kennis van die teoretiese fundamente vir die ontwikkeling van Gesondheidsbevorderende skole te demonstreer; • 'n soliede kennis en begrip vir die psigo-sosiale dinamiek van 'n klaskamer te demonstreer; • die bevoegdheid om kennis, vaardighede en houdings toe te pas vir die ontwikkeling van 'n ondersteunende klaskameromgewing te demonstreer; • fundamentele kennis van emosionele, gedrags en sosiale hindernisse tot leer te demonstreer; en • bevoegdheid om emosionele, gedrags en sosiale hindernisse tot leer te identifiseer, te demonstreer. 		
Metode van aflewering:		
Modulekode: EDCC223		NKR-Vlak
Titel: PRAKTIESE ONDERWYS		
Module-uitkomste:		
<p>Na afloop van hierdie module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • oor grondige kennis van die voorskrifte vir die jaarprogram, administrasie en gedragsriglyne vir die PO sessies van die tweede jaar beskik en daarvolgens optree. • basiese kennis en vaardighede bekom het oor die beginsels van dissipline-handhawing in die klaskamer en in staat wees om dissipline-probleme te identifiseer en stappe kan te neem om dit op te los • in alle omstandighede eties verantwoordelik en waardegedrewe op 'n vlak soos van 'n tweedejaar student verwag word kan optree. • kan reflekteer op die verloop van die PO sessies en sinvolle besluite op grond van die refleksie kan neem. 		
Metode van aflewering:		

Modulekode: EDCC312		NKR-Vlak
Titel: PROFESSIONELE STUDIES		
Module-uitkomste:		
Na voltooiing van hierdie module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • basiese kennis en vaardighede tov die sosiaal kognitiewe en inligtings verwerking leerteoriee te demonstreer, en krities te evalueer; • studies oor veranderlikes wat leerdergedrag kan beïnvloed soos bv voorafkennis, omgewingsinvloede, motiveringsaspekte, kognitiewe en meta-kognitiewe refleksie, gedragsveranderlikes en taakveranderlikes uit te voer; • basiese kennis en vaardighede ten opsigte van die keuses, beplanning en implementering van indirekte leerstrategie te demonstreer; • uitkomsgebaseerde assesseringstrategie toe te pas;leermateriaal te kan ontwikkel. 		
Metode van aflewering:		
Modulekode: EDCC313		NKR-Vlak
Titel: INKLUSIEWE ONDERWYS		
Module-uitkomste:		
Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n goed afgeronde kennis van die praktiese implikasies van die implementering van inklusiewe onderwys asook van strategieë vir die akkommodering van leerders met spesifieke hindernisse tot leer in verskillende klaskamerkontekste te demonstreer; • die SIAS-proses te implementeer, om met ouers en ander professionele ondersteunings rolspelers saam te werk in die ondersteuningsproses; goed afgeronde kennis en basiese vaardighede te integreer en toe te pas om houdings te ontwikkel deur reflektiewe en kreatiewe denke om leerders met spesifieke hindernisse tot leer in verskillende klaskamerkontekste te akkommodeer; • die waarde van inklusiewe onderwys vir die verheffing van 'n inklusiewe gemeenskap en die voorsiening van kwaliteit onderwys vir almal te begryp asook 'n toepaslike houding en begrip te demonstreer teenoor leerders, opvoeders en ouers wat betrokke is in die ondersteuningsproses. 		
Metode van aflewering:		
Modulekode: EDCC321		NKR-Vlak
Titel: ONDERWYSBESTUUR		
Module-uitkomste:		
Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • insig te openbaar rakende die konsep en relevansie van onderwysbestuur; • die verskeie bestuurstake van 'n opvoeder te analiseer en bespreek; • begrip te openbaar van die aard en praktyk van klaskamerbestuur; en • bevoegdheid te openbaar rakende die konsepte en verwante temas van leierskap in die onderwys. 		
Metode van aflewering:		
Modulekode: EDCC322		NKR-Vlak
Titel: PRAKTIESE ONDERWYS		
Module-uitkomste:		
Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • oor grondige kennis van die voorskrifte vir die jaarprogram, administrasie en gedragsriglyne vir die PO sessies van die derde jaar beskik en daarvolgens optree. • selfstandig in staat is om dissipline-probleme te identifiseer en stappe te kan neem om dit op te los en sodoende eiehandig 'n klasklimaat bevorderend vir onderrig en leer kan skep • deeglike kennis van die administratiewe en bestuurs eise wat aan onderwysers gestel word verkry het. • in alle omstandighede eties verantwoordelik en waardegedrewe op 'n vlak soos van 'n derdejaar student verwag word kan optree. • kan reflekteer op die verloop van die PO sessies en sinvolle besluite op grond van die refleksie kan neem. 		
Metode van aflewering:		
Modulekode: EDCC411		NKR-Vlak
Titel: ONDERWYSREG		
Module-uitkomste:		
Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • vertrouwd te wees met wetgewing as 'n bron vir Onderwysreg en in staat wees om ooreenkomstig wetgewende spesifikasies op te tree; • vertrouwd te wees met spesifikasies van die Professionele Etiese kode (SARO) en in staat wees om 		

<p>professioneel op te tree;</p> <ul style="list-style-type: none"> • in staat wees om die regte soos in die Handves vir Menseregte in die Konstitusie van Suid Afrika te interpreteer en korrek toe te pas, om die regte van kinders in skole te beskerm en te bevorder, sowel as om studente 'n positiewe houding teenoor hulle eie regte en verpligtinge, sowel as respek vir die regte van ander te leer; • in staat wees om dissipline te hanteer in ooreenoms met die beginsels en voorskrifte van Onderwysreg; • in staat wees om die onderwyser se plig om om te gee te verstaan en korrek toe te pas; en • bewus te wees van relevante aspekte van arbeidswetgewing in onderwys. 		
Metode van aflewering:		
Modulekode: EDCC412		NKR-Vlak
Titel: PROFESSIONELE STUDIES		
Module-uitkomste:		
Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • effektiewe en gevorderde strategieë te openbaar as tussenganger in outentieke leersituasies en reflekteer oor sy/haar eie onderrig (M); • sy/haar eie strategiese onderrig-leer benadering te ontwikkel (P, VTC); • relevante leermateriale te ontwerp, beplan, selekteer en interpreteer (M); en • oor volledige kennis en vaardighede te beskik aangaande die meting, opname, verslaggewing en hersiening van assessering (M, P, VTC). 		
Metode van aflewering:		
Modulekode: EDCC421		NKR-Vlak
Titel: ONDERWYSSTELSELS		
Module-uitkomste:		
Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • die aard en doelwitte van die onderwysstelsel te kan definieer en analiseer; • die historiese ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel kan uitlig; • die struktuur van die onderwysstelsel kan verduidelik deur te verwys na die vier komponente; • die invloed en implikasies van verskeie determinante op die onderwysstelsel kan identifiseer; en • relevante debatte en twispunte rakende kontemporêre onderwysstelsels krities kan analiseer. 		
Metode van aflewering:		
Modulekode: EDCC422		NKR-Vlak
Titel: PRAKTIESE ONDERWYS		
Module-uitkomste:		
Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • oor grondige kennis van die voorskrifte vir die jaarprogram, administrasie en gedragsriglyne vir die PO sessies van die vierde jaar beskik en daarvolgens optree • selfstandig in staat is om dissipline-probleme te identifiseer en stappe te kan neem om dit op te los en sodoende eiehandig 'n klasklimaat bevorderend vir onderrig en leer kan skep • deeglike kennis van die administratiewe en bestuurs eise wat aan onderwysers gestel word verkry het. • in alle omstandighede eties verantwoordelik en waardegedrewe op 'n vlak soos van 'n vierdejaar student verwag word kan optree. • kan reflekteer op die verloop van die PO sessies en sinvolle besluite op grond van die refleksie kan neem 		
Metode van aflewering:		
Modulekode: EDTM321		NKR-Vlak
TITEL: OMGEWINGSOPVOEDING: INLEIDING TO OMGEWINGSOPVOEDING		
Module-uitkomste:		
Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • demonstreeer 'n goed ontwikkelde en sistematiese kennis van omgewingsopvoedkunde binne die konteks van die nasionale kurrikulum; • deur die gebruik van goed gestruktureerde argumente hulle idees en opinies aanbied met betrekking tot spesifieke probleme in die konteks van volhoubare ontwikkeling, deur die gebruik van bewys-gebaseerde oplossings en teorie-gedrewe argumente; • hulleself te gedra in 'n etiese korrekte en waardegedrewe manier in alle operasionele omstandighede en vorme van kommunikasie, hetsy geskrewe of verbaal; en • die beginsels en dimensies van omgewingsopvoedkunde in verskeie leerareas/vlakke te integreer. 		
Metode van aflewering:		

Modulekode: EGDD211	NKR-Vlak
Titel: INGENIEURSGRAFIKA EN ONTWERPMETODIEK: SNR FASE	
Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module behoort die student:	
<ul style="list-style-type: none"> • die rasionaal agter Ingenieursgrafika en –ontwerp as vak te kan verduidelik; • oor basiese kennis te beskik t.o.v. die relevante kurrikulum; en • oor die vermoë te beskik om lesse te beplan in ooreenstemming met die unieke metodologie van Tegnologie. 	
Metode van aflewering:	
Modulekode: EGDD321	NKR-Vlak
Titel: INGENIEURSGRAFIKA EN ONTWERPMETODIEK: VOO-FASE	
Module-uitkomst:	
Na afloop van hierdie module behoort die student:	
<ul style="list-style-type: none"> • bevoegdheid te openbaar rakende kurrikulumontwikkeling in die veld van Ingenieursgrafika en -ontwerp; • gepaste assesseringstrategieë kan toepas en bespreek vir die verskillende taaktipes van 'n Ingenieursgrafika en –ontwerples; en • portefeuljies vir beide onderwysers en studente kan ontwerp en saamstel. 	
Metode van aflewering:	
Modulekode: EGDD411	NKR-Vlak
Titel: INGENIEURSGRAFIKA EN ONTWERPMETODIEK: VOO-FASE	
Module-uitkomst:	
Na afloop van hierdie module behoort die student:	
<ul style="list-style-type: none"> • oor grondige kennis te beskik van die Turbo Rekenaargesteuende Tekenprogram; • tweedimensionele sketse en driedimensionele draadraamwerk-modelle en vastestowwe kan skep; en • vaardighede wat bekom is aangaande Turbo CAD kan aanwend en sy/haar kennis van Ingenieursgrafika en -ontwerp te gebruik om lesse te beplan en geselekteerde voorbereiding te doen vir klaskameraktiwiteite. 	
Metode van aflewering:	
Modulekode: EGDD421	NKR-Vlak
Titel: INGENIEURSGRAFIKA EN ONTWERPMETODIEK: SNR-FASE	
Module-uitkomst:	
Na afloop van hierdie module behoort die student:	
<ul style="list-style-type: none"> • oor grondige kennis te beskik van die Solid Works Rekenaargesteuende Tekenprogram; • parte, samestellings en sketse kan maak; • die vaardighede wat hy/sy nou opgedoen het te gebruik en sy/haar kennis van sy/haar kennis van Ingenieursgrafika en -ontwerp te gebruik om lesse te beplan en geselekteerde voorbereiding te doen vir klaskameraktiwiteite; en • 'n CAD program met 'n parametriese CAD program kan vergelyk 	
Metode van aflewering:	
Modulekode: EGDE111	NKR-Vlak
Titel: INGENIEURSGRAFIKA EN ONTWERP (INGENIEURS)	
Module-uitkomst:	
Na afloop van hierdie module behoort die student:	
<ul style="list-style-type: none"> • oor basiese kennis, begrip en insig te beskik rakende die veld van kennis van meganiese tegnologie, wat relevant is tot die ingenieursindustrie met betrekking tot veiligheid; • die noodsaaklikheid om veiligheid in die werksplek te implementeer, te verduidelik en evalueer ten einde 'n veilige werksomgewing te skep; • oor basiese kennis en begrip te beskik van die vervaardiging van yster en staal as ingenieursmateriale; • die korrekte materiaal te identifiseer vir spesifieke toepassing en die rede vir sy/haar keuse kan motiveer; • oor basiese kennis te beskik van handgereedskap en presisiemeetgereedskap (binne en buite die mikrometer), toerusting en masjiene (boomasjiene, slypmasjiene en die draaibank) en dit skriftelik te kan kommunikeer; en • die essensie van die bogenoemde op tegnologiese prosesse vanaf konseptuele ontwerp deur tot die proses van praktiese probleemoplossing om produkte te vervaardig of te verbeter ten einde lewenskwaliteit te verbeter te kan beskryf en motiveer. 	
Metode van aflewering:	

Modulekode: EGDE112	NKR-Vlak
Titel: INGENIEURSGRAFIKA EN ONTWERP (VOERTUIG)	
Module-uitkomst:	
Na voltooiing van hierdie module moet die student in staat wees om te:	
<ul style="list-style-type: none"> demonstreeer basiese kennis van die Wert op Beroepsgesondheid en Veiligheid toepaslik vir die meganiese werkwinkel; identifiseer en pas die korrekte onderhoud toe op alle handgereedskap relevant tot hierdie werkwinkel; demonstreeer voldoende kennis om te onderskei en evalueer tussen die verskillende tipes enjins, en enjin en aandrywings kombinasies met betrekking tot die uitleg, werking en samestelling sowel as die voordele en nadele wat elkeen inhou, en demonstreeer 'n basiese kennis van die basiese uitleg en konstruksie van die moderne voertuig 	
Modulekode: EGDE121	NKR-Vlak
Titel: INGENIEURSGRAFIKA EN ONTWERP (ELEKTRIES)	
Module-uitkomst:	
Na afloop van hierdie module behoort die student:	
<ul style="list-style-type: none"> kennis en begrip te demonstreeer aangaande die beginsels en konsepte van inheemse en globale grafiese kommunikasies binne die veld van Elektriese Tegnologie; en vaardighede te openbaar ten einde Elektriese Tegnologie stroombane en simbole te kan illustreer. 	
Modulekode: EGDE122	NKR-Vlak
Titel: INGENIEURSGRAFIKA EN ONTWERP (SIVIEL)	
Module-uitkomst:	
Na voltooiing van hierdie module moet die student in staat wees om:	
<ul style="list-style-type: none"> basiese kennis te demonstreeer van die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid soos van toepassing binne die werkwinkel en die Siviele studieveld; voldoende kennis te demonstreeer sodat jy alle handgereedskap, elektriese handgereedskap en masjngereedskap wat binne die studieveld gebruik word kan identifiseer en die korrekte gebruik en onderhoud daarvan kan omskryf; voldoende kennis te demonstreeer van erkende konstruksiemetodes en –tegnieke; grondige kennis oor die ontwerp en beplanning van 'n eenvoudige projek te demonstreeer. 	
Modulekode: EGDE211	NKR-Vlak
Titel: INGENIEURSGRAFIKA EN ONTWERP	
Module-uitkomst:	
Na afloop van hierdie module behoort die student:	
<ul style="list-style-type: none"> oor grondige teoretiese kennis te beskik van Ingenieursgrafika en -ontwerp as grafiese taal, Oppervlak Meetkunde en Multi-Aansig Projeksie; en teoretiese kennis en tekensvaardighede te kan toepas ten einde lewenswerklike probleme te identifiseer en op te los. 	
Modulekode: EGDE221	NKR-Vlak
Titel: INGENIEURSGRAFIKA EN ONTWERP	
Module-uitkomst:	
Na afloop van hierdie module behoort die student:	
<ul style="list-style-type: none"> oor grondige teoretiese kennis te beskik van Beskrywende Meetkunde, Interseksies en Ontwikkelinge; en teoretiese kennis en tekensvaardighede kan toepas ten einde relevante probleme op te los. 	
Modulekode: EGDE311	NKR-Vlak
Titel: INGENIEURSGRAFIKA EN ONTWERP	
Module-uitkomst:	
Na afloop van hierdie module behoort die student:	
<ul style="list-style-type: none"> oor grondige teoretiese kennis te beskik van Masjien Tekeninge I, Skuinsprojeksie, Aksonometriesse Projeksie, Perspektiefprojeksie en Siviele Tekeninge; en teoretiese kennis te kan toepas ten einde relevante probleme op te los. 	
Modulekode: EGDE321	NKR-Vlak
Titel: INGENIEURSGRAFIKA EN ONTWERP	
Module-uitkomst:	
Na afloop van hierdie module behoort die student:	
<ul style="list-style-type: none"> oor grondige teoretiese kennis te beskik van Masjien Tekeninge II, Samestellingstekeninge en Elektriese Tekeninge; en 	

• teoretiese kennis te kan toepas ten einde relevante probleme op te los.		
Modulekode: ENGD212		NKR-Vlak
Titel: ENGLISH METHODOLOGY: DIDACTICAL ASPECTS OF ENGLISH		
Module-uitkomst: After completion of this module the learners should be able to: <ul style="list-style-type: none"> • identify and have a fundamental knowledge on the theories and variables of second language acquisition • understand various theories and methodology regarding teaching of ESL; • identify the criteria to select and apply effective teaching strategies in SLA; • name and describe OBE principles in design and selection of learning material; • name and describe the seven roles of the educator –especially those applicable in ESL teaching; • discuss the learning outcomes and assessment standards from the NCS for First Additional Language; • critically discuss and describe theories of SLA in teaching of ESL; • select most appropriate methods, theories and various teaching strategies in teaching ESL; • apply OBE principles in design; • perform the applicable roles in teaching of ESL; • interpret and select learning outcomes and assessment standards for effective teaching and learning; • describe and apply effective planning and design in teaching ESL; • motivate use of OBE principles and employ principles for effective teaching; • to show enthusiasm in developing into competent, knowledgeable and professional educator. 		
Modulekode: ENGD322		NKR-Vlak
Titel: ENGLISH METHODOLOGY: DIDACTICAL ASPECTS OF ENGLISH		
Module-uitkomst: After completion of this module the learners should be able to: <ul style="list-style-type: none"> • identify and name the teaching components and didactical principles for instruction of ESL; • name the requirements of selecting sources and support material for lesson design; • understand and select appropriate outcomes and assessment standards from NCS for First Additional Language as well as Home Language. • identify and discuss the seven roles of the teacher within teaching of ESL. • apply didactical principles and teaching strategies in lesson planning and assessment; • select and use appropriate resource and teaching support material in planning learning experience; • enact the applicable roles of the educator in teaching ESL; • understand and select appropriate outcomes and assessment standards from the NCS; • plan lesson according to OBE principles with all necessary requirements and support; • realise contribution to learner's achievement of outcomes and act with responsibility and diligence in qualifying as educator. 		
Modulekode: ENGD416		NKR-Vlak
Titel: ENGLISH METHODOLOGY: DIDACTICAL ASPECTS: INTERMEDIATE AND SENIOR PHASE		
Module-uitkomst: After completion of this module the learners should be able to: <ul style="list-style-type: none"> • describe the different phases at school level for teaching English; • identify and discuss the Learning Outcomes for each phase and grade to note progression of outcomes; • explain the development of the skills - as addressed in outcomes – e.g. speaking, reading, etc. – in children • analyse and interpret Learning Outcomes and Assessment Standards for Intersen Phase; • know specifically what is required of Intermediate- and Senior phase in ESL; • select and assess suitable learning material for this phase; • name and discuss the assessment to be done in line with Learning Outcomes for this phase. • plan a Learning Programme Framework; Work Schedule and Lesson Plans for each phase, driven by different SLA teaching strategies; • interpret the NCS to plan lessons with clustering of Learning Outcomes and Assessment Standards; as well as integration with other Learning Areas and Subjects and to apply sound OBE principles to Intermediate and Senior Phases. • act as learning mediator, scholar and assessor with confidence, knowledge and practical expertise in the phases Intermediate and Senior; • select and use study methods and material for their own needs as well as the demand of ESL in 		

<p>these phases</p> <ul style="list-style-type: none"> • take on the responsibility as a interpreter and designer of Learning Programmes with responsibility and knowledge; • realise their own importance as a mediator of learning and teaching experiences of excellence in order for each learner to achieve the set outcomes; • act as guide for learners to advance to next phase.

Modulekode: ENGD417	NKR-Vlak
Titel: ENGLISH METHODOLOGY : DIDACTICAL ASPECTS: SENIOR AND FET PHASE	
Module-uitkomste:	
After completion of this module the learners should be able to:	
<ul style="list-style-type: none"> • 'n fundamentele kennis van die volgende temas in Natuurwetenskappe te demonstree: aard van chemie, klassifikasie, eienskappe en meting van materie, elemente en verbindinge, stoïeometrie, chemiese reaksies en analitiese chemie. • sowel probleme binne die bogenoemde temas te identifiseer en op te los as aktiwiteite te beplan wat 'n omvattende begrip van die idees, teorieë beginsels en reëls binne die temas ondersteun; • probleemoplossingsvermoëns betreffende die beplanning en aanbieding van lesse en praktiese sessies binne die konteks van die teoretiese temas hierbo genoem verwerf deur onder andere gebruik te maak van toepaslike tegnologiese hulpmiddels gebruik te maak; • 'n waardering vir die bydrae wat inheemse kennisstelsels speel in farmakologiese, bio-etiese kwessies rakende bogenoemde inhoud en 'n eties-verantwoordbare houding jeens Natuurwetenskap-inhoude te openbaar 	
Modulekode: PHSE121	NKR-Vlak
Titel: ONDERWYS FISIENE WETSKAPPE: INLEIDING MEGANIKA EN OPTIKA	
Module-uitkomste:	
Na voltooiing van die module behoort die studente:	
<ul style="list-style-type: none"> • uitkoms vir kennis basiese kennis te demonstree van beweging, die wette van beweging, die energie geassosieer met beweging en die weerkaatsing en breking van lig; • uitkoms vir vaardighede praktik relevante probleme te identifiseer en op te los swat verband hou met die beweging van voorwerpe en die weerkaatsing en trekking van lig; • uitkoms vir bevoegdhede 'n probleemoplossende benadering te volg in die beplanning en uitvoering van lesse en praktika in 	

<p>die konteks van bogenoemde inhoudes deur die gebruik van toepaslike tegnologie;</p> <ul style="list-style-type: none"> • uitkoms vir waardes en etiese optrede waardering te demonstree vir die bydrae van inheemse kennisstelsies tot die fisiese wetenskappe en 'n etiesverantwoordbare houding jens fisies-wetenskaplike inhoudes 	
Modulekode: PHSE211	NKR-Vlak
Titel: ONDERWYS FISIESE WETENSKAPPE: GEVORDERDE ELEKTRISITEITSLER	MEGANIKA EN
<p>Module-uitkomst: Na voltooiing van die module behoort die studente:</p> <ul style="list-style-type: none"> • uitkoms vir kennis grondige kennis te demonstree van Newton se universele gravitasiewet, rotasie beweging; elektrostatika en elektrodinamika; • uitkoms vir vaardighede praktiek relevante probleme te identifiseer en op te los wat verband hou met gravitasie, die rotasiebeweging van liggame, elektrostatika en elektrodinamika; • uitkoms vir bevoegdhede 'n probleemoplossende benadering te volg in die beplanning en uitvoering van lesse en praktika in die konteks van bogenoemde inhoudes deur die gebruik van toepaslike tegnologie; • uitkoms vir waarde en etiese optrede waardering te demonstree vir die bydrae van inheemse kennisstelsies tot die fisiese wetenskappe en 'n etiesverantwoordbare houding jens fisies-wetenskaplike inhoudes. 	
Modulekode: PHSE221	NKR-Vlak
Titel: ONDERWYS FISIESE WETENSKAPPE: ATOOM-STRUKTUUR EN CHEMIESE BINDING	
<p>Module-uitkomst: Na voltooiing van die module behoort die studente:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n afgeronde en sistematiese kennis van die volgende temas in Natuurwetenskappe te demonstree: atoomstruktuur, elektronkonfigurasie, chemiese binding, intermolekulêre kragte en fases van materie en organiese chemie; • sowel probleme binne die bogenoemde temas te identifiseer en op te los as aktiwiteite te beplan wat 'n omvattende begrip van die idees, teorieë beginsels en reëls binne die temas ondersteun; • probleemoplossingsvermoëns betreffende die beplanning en aanbieding van lesse en praktiese sessies binne die konteks van die teoretiese temas hierbo genoem verwerf deur onder andere gebruik te maak van toepaslike tegnologiese hulpmiddels gebruik te maak; • 'n waardering vir die bydrae wat inheemse kennisstelsies speel in farmakologiese, bio-etiese kwessies rakende bogenoemde inhoud en 'n eties-verantwoordbare houding jens Natuurwetenskappe-inhoudes te openbaar 	
Modulekode: PHSE311	NKR-Vlak
Titel: ONDERWYS FISIESE WETENSKAPPE: BEHEER VAN CHEMIESE REAKSIE	
<p>Module-uitkomst: Na voltooiing van die module behoort die studente:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n grondige en sistematiese kennis van die volgende temas in Natuurwetenskappe te demonstree: termodinamika en reaksiesnelheid, ewewig, sure, basisse en pH, elektrochemie; • sowel probleme binne die bogenoemde temas te identifiseer en op te los as aktiwiteite te beplan wat 'n omvattende begrip van die idees, teorieë beginsels en reëls binne die temas ondersteun; • probleemoplossingsvermoëns betreffende die beplanning en aanbieding van lesse en praktiese sessies binne die konteks van die teoretiese temas hierbo genoem verwerf deur onder andere gebruik te maak van toepaslike tegnologiese hulpmiddels; • 'n waardering vir die bydrae wat inheemse kennisstelsies speel in farmakologiese, bio-etiese kwessies rakende bogenoemde inhoud en 'n eties-verantwoordbare houding jens Natuurwetenskappe-inhoudes te openbaar 	
Modulekode: PHSE321	NKR-Vlak
Titel: ONDERWYS FISIESE WETENSKAPPE: ELEKTRISITEIT EN MAGNETISME, OSSILASIE EN GOLWE	
<p>Module-uitkomst: Na voltooiing van die module behoort die studente:</p> <ul style="list-style-type: none"> • uitkoms vir kennis: afgeronde en sistematiese kennis te demonstree van magnetiese velde en kragte, elektromagnetiese induksie, ossillasies en golwe, interferensie verskynsels en ligkwanta; • uitkoms vir vaardighede: 	

<p>praktik relevante probleme te identifiseer en op te los wat verband hou met elektromagnetisme, ossillasies en golwe, interferensie verskynsels en ligkwanta;</p> <ul style="list-style-type: none"> • uitkoms vir bevoegdhe: 'n probleemoplossende benadering te volg in die beplanning en uitvoering van lesse en praktika in die konteks van bogenoemde inhoud deur die gebruik van toepaslike tegnologie; • uitkoms vir waardes en etiese optrede: waardering te demonstreer vir die bydrae van inheemse kennissisteme tot die fisiese wetenskappe en 'n etiesverand-woordbare houding jeens fisieswetenskaplike inhoud. 		
Modulekode: PPSE211		NKR-Vlak
Titel: PRE-PRIMÈRE SKOOL OPVOEDKUNDE: GELETTERDHEID		
Module-uitkomste:		
Na voltooiing van die module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • basiese kennis, begrip en insig te demonstreer ten opsigte van die holistiese ontwikkeling van die student in die voorskoolse fase en die daarstelling van die omgewing by die kleuterskool waar studente maksimaal kan ontwikkel; • vaardigheid te besit om leer te fasiliteer in vroeë geletterdheid deur middel van stories, rympies en versies en kuns; • bevoeg te wees om die oplossings te vind indien studente probleme ondervind in die verwerwing van taal, waar nodig; • die waarde van die ontwikkeling van taal en kuns te besef as deel van vroeë geletterdheid. 		
Modulekode: PPSE221		NKR-Vlak
Titel: PRE-PRIMÈRE SKOOL OPVOEDKUNDE: WISKUNDE EN WETENSKAP		
Module-uitkomste:		
Na voltooiing van die module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • basiese kennis, begrip en insig te demonstreer tov die ontwikkeling van 'n tematiese kurrikulum; • vaardighede te besit om syferkunde en wetenskaplike ervarings te fasiliteer vir jong studente in die konteks van hulle ontwikkelingsvlak; • bevoeg te wees om die verskillende strategieë vir waarneming van studente toe te pas; • die algemene welstand van studente deur middel van motoriese ontwikkeling, gesondheid en veiligheid te evalueer. 		
Modulekode: PPSE411		NKR-Vlak
Titel: PRE-PRIMÈRE SKOOL OPVOEDKUNDE: GRAAD R		
Module-uitkomste:		
Na voltooiing van die module behoort die studente:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n afgeronde kennis te hê van die graad R student en te weet hoe om te kurrikuleer vir hierdie studente se informele onderrigleer situasie; • vaardighede te openbaar om voorbereidende lees, skryf, spelling en gesyferdheid leeraktiwiteite te fasiliteer; • bevoegdhe te openbaar om oplossings te vind indien studente probleme ondervind in vroeë geletterdheid en vroeë gesyferdheid ; • 'n Waardering van die informele benadering in die stimulering van die Graad R student te openbaar. 		
Modulekode: PPSE421		NKR-Vlak
Titel: PRE-PRIMÈRE SKOOL OPVOEDKUNDE: ORGANISASIE EN ADMINISTRASIE		
Module-uitkomste:		
Na voltooiing van die module behoort die studente:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n Afgeronde kennis te hê van die volgende: Die geskiedenis van voorskoolse onderwys en opvoeding (nasionaal en internasionaal), integrering van die 8 leerareas in die ontwikkeling van effektiewe programme, assessering en ouerbetrokkenheid; • Vaardighede te openbaar van die samestelling en aanbieding van n geïntegreerde dagprogram; • Bevoegdheid bewys om die onderrig- en leergebeure te fasiliteer en studente in die onderrigleer situasie suksesvol te assessee; • 'n Waardering vir die ontwikkeling van voorskoolse opvoeding en die waarde van ouerbetrokkenheid te openbaar. 		
Modulekode: RESF411		NKR-Vlak
Titel: NAVORSING IN OPVOEDKUNDE		
Module-uitkomste:		
<ul style="list-style-type: none"> • Na voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om op grond van 'n basiese kennis van en insig in Opvoedkundige Navorsing te demonstreer deur probleemidentifikasie en 		

omskrywing van die navorsingsproses; vaardigheid in die gebruik van inligtingstechnologie om inligting te ontsluit; op grond van hul verstaan van die basiese aannames van onderskeidelik die kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsbenaderings en metodes 'n toepaslike metode vir die ondersoek van 'n geïdentifiseerde probleem te selekteer en 'n toepaslike navorsingsvoorstel te skryf vir die doeleindes van 'n praktiese navorsingsopdrag.

Modulekode: **RESF421**

NKR-Vlak

Titel: NAVORSINGSPROJEK

Module-uitkomst:

- Met hierdie module moet studente hulle kennis van en vaardighede in navorsing demonstreer deur middel van 'n grondige kennis van die vakteorie en vakdidaktiese beginsels om sodoende die navorsingsprobleem van RESF 411 prakties te ondersoek deur die toepassing van 'n toepaslike navorsingsontwerp en -metode. Die module impliseer die ontsluiting en insameling van relevante inligting, die organiseren en kritiese ontleding van inligting ten einde 'n navorsingsverslag van beperkte omvang te skryf. As finale assessering van die module geld die eksaminering van die navorsingsverslag en nie die aflê van 'n skriftelike eksamen nie.

Modulekode: : **RSTO421**

NKR-Vlak

Titel: RELIGIEUSE STUDIES" INLEIDING TOT WERELDGODSDIENSTE

Module-uitkomst:

Na afloop van hierdie module behoort die student:

- 'n afgeronde en sistematiese kennis te demonstreer van die konsepte, beginsels en teorieë wat die nasionale beleid en kurrikulum van Religieuse Studies onderlê en in staat wees om die dokumente toe te pas op onderrig en leer op skool.
- temas relevant vir die verstaan en vergelyking van 'n verskeidenheid religieë te identifiseer, krities en konstruktief te reflekteer op kernvraagstukke relevant vir die diverse religieuse gemeenskap van Suid-Afrika en die verkreeë insig toe te pas om probleme in hierdie studieveld op te los
- inligtingherwinning- en -verwerkingsvaardighede te implementeer om navorsing te doen oor religie as 'n sosiale verskynsel en die resultate volgens aanvaarbare formaat in skriftelike en mondelinge vorm weer te gee met die effektiewe gebruik van tegnologie

Modulekode: **SESE121**

NKR-Vlak

Titel: INLEIDING TOT LEERAREA EKONOMIESE WETENSAPPE

Module-uitkomst:

Na die voltooiing van hierdie module moet die student in staat wees om:

- uitgebreide, fundamentele kennisbasis rakende belangrike tereme, beginsels en teorieë met verwysing tot die leerarea Ekonomiese en Bestuurswetenskappe te demonstreer;
- sleutelaspekte wat verband hou met Bedryfsstudies, Rekeningkunde, Ekonomie en Entrepreneurskap te versamel, organiseer en te demonstreer;
- werkopdragte effektief in individuele of groepsverband uit te voer en deur kreatiewe probleemoplossingstechnieke probleme op te los;
- verbandhoudende inligting samewerkend en betroubaar aan die studente in die EBW klaskamer volgens 'n gestelde stel norme en waardes aan te bied.

Modulekode: **SLOE111**

NKR-Vlak

Titel: INLEIDING TOT LEERAREA LEWENSORIËTERING

Module-uitkomst:

Na die voltooiing van hierdie module, behoort die student in staat te wees om:

- 'n fundamentele kennisbasis van die terminologie, reëls, konsepte, beginsels en teorieë van Lewensoriëntering as Leerarea in konteks met die Nasionale Kurrikulum vir studente in die Senior Fase, te demonstreer;
- die vermoë te demonstreer om essensiële teorieë en teks met betrekking tot die vyf hoof fokusareas van Lewensoriëntering aan leerdres in die Senior fase te interpreteer, verander, evalueer en toe te pas.
- die vermoë te demonstreer om die verworwe kennis te gebruik om alledaagse probleme binne 'n bekende konteks met betrekking tot die vyf hoof fokusareas van Lewensoriëntering, op te los, en om kreatiewe lesse aan te bied - spesifiek in die onderrig van studente in die Senior fase - deur gebruik te maak van toepaslike tegnologiese vaardighede, en bewys te lewer van die teoretiese begronding;
- eties verantwoordelik en waarde-gedrewe op te tree in alle omstandighede en vorme van kommunikasie, geskrewe sowel as mondelings, met betrekking tot die vyf hoof fokusareas van Lewensoriëntering aan leerdres in die Senior fase.

Modulekode: SNSE111	NKR-Vlak
Titel: INEIDING TOT LEERAREA NATUURWETENSAPPE	
Module-uitkomste:	
Na voltooiing van die module behoort die studente:	
<ul style="list-style-type: none"> 'n Afgeronde en sistematiese kennis van die volgende temas in die Leerarea Natuurwetenskappe te demonstreer: die samestelling van materie, die konsep: energie en energie-omsettings, klassifikasie van lewendende dinge, die werking van ekosisteme, ontstaan van die sonnestelsel, die samestelling van verskillende lae van die aarde se struktuur en die ontstaan van seisoene, kontinentale drywing en ontstaan van vulkane en aardbewings; sowel probleme binne die bogenoemde temas te identifiseer en op te los as aktiwiteite te beplan wat 'n omvattende begrip van die idees, teorieë beginsels en reëls binne die temas ondersteun; probleemoplossingsvermoëns betreffende die beplanning en aanbieding van lesse en praktiese sessies binne die konteks van die teoretiese temas hierbo genoem verwerf deur onder andere gebruik te maak van toepaslike tegnologiese hulpmiddels gebruik te maak; 'n waardering vir die bydrae wat inheemse kennisstelsel e speel in, bio-etiese kwessies rakende bogenoemde inhoud en 'n eties-verantwoordbare houding jeens Natuurwetenskappe-inhoud te openbaar. 	
Modulekode: SOCF 121	NKR-Vlak
Titel: SESOTHO KOMMUNIKASIE VIR MOEDERTAALSPREKERS	
Module-uitkomste:	
Na voltooiing van die module behoort die studente:	
<ul style="list-style-type: none"> kennis van gevorderde woordeskat, funksies, grammatiek en Sesotho vaardighede te demonstreer in geselekteerde situasies en moet kennis van verskillende Sesotho kulture kan konstrueer; die gevorderde woordeskat, funksies, grammatiek en vaardighede toepas om opdragte, versoeke en basiese dialoog te vorm; gevorderde lees, luister-, skryf- en spraakvaardighede in Sesotho te demonstreer binne die skoolsituasie; om die Sesotho taal en kultuur te verstaan om te begryp hoe om die multikulturele situasie in skole beter te kan hanteer en om eties korrek op te tree in die onderrigsituasie met die nodige sensiwiteit tot kulturele verskille 	
Septheto sa mojulu: Pheletsong ya mojulo ona baithuti ba tshwanela ho kgona ho:	
<ul style="list-style-type: none"> bontsha tsebo e kenelletseng ya tlotlontswe, tshebediso, kwahollopuo le tshebediso ya Sesotho dibakeng tse fapaneng mme ba kgone le ho bopa tsebo ya mekga e fapaneng ya moetlo wa Sesotho; sebedisa tsebo e kenelletseng ya tlotlontswe, tshebediso, kwahollopuo, le bokgoni hore ho tle ho kgonahale ho bopa ditaelo, dikopo le puisano ya motheo; bontsha tsebo e kenelletseng ya bokgoni ba ho bala, ho mamela, ho ngola le ho bua Sesotho sekolong; le utlwisisa puo ya Sesotho le moetlo hore ho tle ho kgonahale ho ka ikemela ka hara memetlo e fapaneng sekolong mme o itshwara ka tsela e nepahetseng e hlomphang diphapang tse tseng meetlong nakong ya ha o ruta 	
Modulekode: SOCF 122	NKR-Vlak
Titel: SESOTHO KOMMUNIKASIE VIR TWEDE TAALSPREKERS	
Module-uitkomste:	
Na voltooiing van die module behoort die studente:	
<ul style="list-style-type: none"> kennis van basiese woordeskat, funksies, grammatiek en Sesotho vaardighede te demonstreer in geselekteerde situasies en moet kennis van verskillende Sesotho kulture kan konstrueer; die basiese woordeskat, funksies, grammatiek en vaardighede toepas om opdragte, versoeke en basiese dialoog te vorm; basiese lees, luister-, skryf- en spraakvaardighede in Sesotho te demonstreer binne die skoolsituasie; om die Sesotho taal en kultuur te verstaan om te begryp hoe om die multikulturele situasie in skole beter te kan hanteer en om eties korrek op te tree in die onderrigsituasie met die nodige sensiwiteit tot kulturele verskille 	
Septheto sa mojulu: Pheletsong ya mojulo ona baithuti ba tshwanela ho kgona ho:	
<ul style="list-style-type: none"> bontsha tsebo e kenelletseng ya tlotlontswe, tshebediso, kwahollopuo le tshebediso ya Sesotho dibakeng tse fapaneng mme ba kgone le ho bopa tsebo ya mekga e fapaneng ya moetlo wa Sesotho; sebedisa tsebo e kenelletseng ya tlotlontswe, tshebediso, kwahollopuo, le bokgoni hore ho tle ho kgonahale ho bopa ditaelo, dikopo le puisano ya motheo; 	

<ul style="list-style-type: none"> bontsha tsebo e kenelletseng ya bokgoni ba ho bala, ho mamela, ho ngola le ho bua Sesotho sekolong; le utlwisa puo ya Sesotho le moetlo hore ho tle ho kgonahale ho ka ikemela ka hara memetlo e fapaneng sekolong mme o itshwara ka tsele e nepahetseng e hlomphang diphapang tse tseng meetlong nakong ya ha o ruta 		
Modulekode: SPSO411		NKR-Vlak
Titel: SPORTSTUDIES		
Module-uitkomste:		
<ul style="list-style-type: none"> Die student moet in staat wees om 'n omvattende kennisvlak, praktiese vaardighede en 'n waardesisteem te demonstreeer met betrekking tot gekose sport aktiwiteite wat uit teoretiese sowel as praktiese komponente bestaan; 'n omvattende kennisvlak en toepassingsvaardighede te demonstreeer in die teoretiese komponente met betrekking tot sport (motoriese ontwikkeling; sportfisiologie, sportfilosofie en sportbestuur) en in die praktiese afrigtingsituasie 'n sertifikaar in 'n erkende skool sport te verwerf. 		
Modulekode: SSSE111		NKR-Vlak
Titel: INLEIDING TOT DIE LEERAREA SOSIALE WETENSKAPPE		
Module-uitkomste:		
Na voltooiing van die module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> fundamentele kennis en 'n goeie begrip te demonstreeer oor die Leerarea Sosiale Wetenskappe binne die konteks van die Nasionale Kurrikulumverklaring; die vaardigheid te demonstreeer om temas relevant aan Geografie en Geskiedenis wat betrekking het op die omgewing en multikulturele gemeenskap te deurvors, en aktiwiteite te beplan wat die samehangende begrip van konsepte en kwessies ondersteun ten einde dit verbaal of in geskrewe vorm te kommunikeer; die bevoegdheid om die vermoëns van probleemoplossing te demonstreeer deur take te beplan en voor te lê met spesifieke toepassing van die twee dissiplines van die Leerarea Sosiale Wetenskappe deur toepaslike tegnologie te gebruik en bewys te lewer van teoretiese onderbou; en waardes van eties-professionele aard te demonstreeer met betrekking tot die verhouding tussen die omgewing en die gemeenskap in ooreenstemming met Die Manifest oor Waardes, Onderwys en Demokrasie. 		
Modulekode: STEE121		NKR-Vlak
Titel: INLEIDING TOT LEERAREA TEGNOLOGIE		
Module-uitkomste:		
Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> Oor basiese kennis te beskik van die leerarea Tegnologie in die Suid-Afrikaanse skolestelsel deur die definisie, doel, unieke eienskappe en omvang van die leerarea te kan verduidelik; volledige kennis te kan kommunikeer van al drie leeruitkomste en assesseringstandaarde van die leerarea Tegnologie; en die beginsels van uitkomsgebaseerde onderrig te kan demonstreeer soos dit van toepassing is op die leerarea tegnologie. 		
Modulekode: TECD211		NKR-Vlak
Titel: LEERAREA TEGNOLOGIEMETODIEK: SNR FASE		
Module-uitkomste:		
Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> oor fundamentele kennis te beskik aangaande die NKV-beleid vir die leerarea Tegnologie; die rasionaal agter Tegnologieonderrig in skole te kan verduidelik, sowel as die realiteite wat Suid-Afrikaanse skole in die gesig staar aangaande Tegnologieonderrig; oor die vermoë te beskik om gepaste Tegnologielesse te beplan in ooreenstemming met die unieke metodologie van Tegnologie; en sy/haar kennis aan te wend van die tipes assessering wat gebruik word in Tegnologielesse. 		
Modulekode: TECD321		NKR-Vlak
Titel: LEERAREA TEGNOLOGIEMETODIEK: INT FASE		
Module-uitkomste:		
Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> oor soliede kennis te beskik v de NKV-beleid vir die leerarea Tegnologie in die Intermediêre Fase; sy/haar kennis en vaardighede aan te wend in probleem-gebaseerde onderrigbenaderings en die vermoë te openbaar om gepaste Tegnologielesse te beplan in ooreenstemming met die unieke metodologie van Tegnologie, met of sonder hulpbronne; oor gepaste kennis te beskik van die tipes assessering wat gebruik word in Tegnologielesse deur 		

<p>dit toe te pas in die Intermediêre Fase;</p> <ul style="list-style-type: none"> • kreatiewe en kritiese denkprosesse te openbaar in die keuse van, ontwerp en skep van gepaste media vir Tegnologieonderrig; en • gepaste kennis en vaardighede aan te wend in praktiese onderwys. 		
Modulekode: TECD411		NKR-Vlak
Titel: LEERAREA TEGNOLOGIEMETODIEK: INT FASE		
<p>Module-uitkomste: Na afloop van hierdie module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • oor 'n afgeronde en sistematiese kennisbasis te beskik aangaande kurrikulumontwikkeling in die leerarea Tegnologie; • gepaste assesseringstrategieë kan toepas en bespreek in die verskillende taaktipes van 'n Tegnologieles; • begrip te openbaar van die aard en praktyk van organiserings- en bestuursvaardighede in die Tegnologieklaskamer; • die proses van ontwerp en saamstel van Tegnologieportefeuljes vir beide studente en opvoeders kan aanbied en kommunikeer; en • 'n begrip en bewustheid te openbaar van die veiligheidsaspekte van toepassing op werksinkels, praktiese sentrums en Tegnologie-klaskamers soos dit deurgaans toegepas behoort te word op die onderrig en leer van Tegnologie. 		
Modulekode: TECD421		NKR-Vlak
Titel: LEERAREA TEGNOLOGIEMETODIEK: SNR FASE		
<p>Module-uitkomste: Na afloop van hierdie module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • bevoegdheid te openbaar aangaande kurrikulumontwikkeling in die leerarea Tegnologie vir die Senior Fase deur gepaste onderrig- en assesseringstrategieë aan te wend in die verskillende taaktipes van 'n Tegnologieles; • 'n samehangende en kritiese begrip te openbaar van die aard en praktyk van organiserings- en bestuursvaardighede in die Tegnologieklaskamer, spesifiek in terme van werksinkels vir die beplanning en uitvoer van praktiese lesse in die Senior Fase; en • oor die vermoë te beskik om kennis en vaardighede wat bekom is in die voorafgaande modules te integreer in die saamstel en aanbied van 'n Tegnologie-onderrigprojek. 		
Modulekode: TECE211		NKR-Vlak
Titel: LEERAREA TEGNOLOGIE VIR ONDERWYS		
<p>Module-uitkomste: Na afloop van hierdie module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n fundamentele kennis te demonstreer van die leerarea Tegnologie binne die Suid-Afrikaanse skolestelsel deur die definisie, doel, unieke eienskappe en omvang van die leerarea Tegnologie te kan beskryf; • volledige kennis te demonstreer van die ontwerpproses soos van toepassing op die probleemoplossende aard van Tegnologie, sowel as die relevansie van die ontwerpproses in Tegnologieonderrig te verduidelik; en • 'n basiese kennis van inligtings- en kommunikasietegnologie te demonstreer ten einde oor die vermoë te beskik om toegang tot inligting te verkry, en inligting te gebruik en te prosesseer op die mees gepaste wyses. 		
Modulekode: TECE221		NKR-Vlak
Titel: LEERAREA TEGNOLOGIE: KOMMUNIKASIE EN STRUKTURE		
<p>Module-uitkomste: Na afloop van hierdie module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • begrip te openbaar van die tegnologiese proses (ontwerpproses) soos van toepassing op probleemoplossing; • oor volledige kennis te beskik van strukture en relevante meganismes, sowel as die eienskappe en gebruik van weerstandbiedende materiale; • oor relevante kennis en vaardighede te beskik van grafiese - en inligtingskommunikasie in tegnologiese produkontwerp; en • die bogenoemde uitkomste kan toepas in probleem-gebaseerde onderrig met betrekking tot inheemse tegnologie. 		
Modulekode: TECE311		NKR-Vlak
Titel: LEERAREA TEGNOLOGIE: PROSESSERING		
Module-uitkomste:		

<p>Na afloop van hierdie module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n Afgeronde kennis en begrip te demonstreeer aangaande die prosessering van materiale as deel van die tegnologiese proses; • spesialiskennis te kan aanwend i.t.v. die aard en gebruike van sagte materiale; • 'n goeie begrip te demonstreeer van die rol wat biotegnologie vervul in die moderne samelewing; en • die bogenoemde uitkomst kan interpreteer en toepas in probleem-gebaseerde onderrig met verwysing na inheemse tegnologie. 		
Modulekode: TECE321		NKR-Vlak
Titel: LEERAREA TEGNOLOGIE: STELSLS EN BEHEER		
<p>Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • vaardighede en begrip te demonstreeer t.o.v. die verskillende tipes kontrolestelsels; • elektriese, meganiese, pneumatiese en hidroliese kontrolestelsels kan analiseer, vergelyk, integreer en evalueer; • sy/haar eie kontrolestelsel kan ontwerp en kan bou ten einde 'n spesifieke probleem op te los; • inheemse kontrolestelsels kan identifiseer en gebruik; en • kontrolestelsels suksesvol aan skoolstudente kan fasiliteer. 		
Modulekode: TEWE111		NKR-Vlak
Titel: SWEISTEGNOLOGIE		
<p>Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • basiese kennis, begrip en insig te toon rondom alle kontekstuele idees en prosesse van veiligheidsmaatreëls en goeie huishouding in sweistegnologie; • die gebruik en instandhouding van spesifieke handgereedskap en masjinerie prakties te kan demonstreeer en beskryf; • die konstruksie, eienskappe, behandeling, beskerming en toetse van verskeie tipes ingenieursmateriale te kan beskryf; • alle verwante konsepte van oksid-asetileen sweiswerk te kan beskryf en toepas; • die korrekte terminologie te kan gebruik tydens alle sweis- en teoretiese aktiwiteite; • SI eenhede en simbole te kan toepas, sowel as SANS standaarde; • die korrekte sweissimbole in alle diagramme en sketse te kan gebruik; • alle toetse op skarniere volledig te kan beskryf; • boogswais te kan beskryf en prakties te kan demonstreeer; • skarniere te kan maak deur gebruik te maak van verskeie tipes skarnieretegniese; • alle skarniere visueel te kan inspekteer; • alle veiligheidsmaatreëls te kan beskryf en kan uitvoer aangaande sweistegnologie in ooreenstemming met die Beroepsgeondheids- en Veiligheidswet; en • op 'n eties-verantwoordelike wyse op te tree in die werkswinkel en sy/haar leerders te lei om op te tree met die nodige verantwoordelikheid teenoor medeleerders en gevaarlike aparate. 		
Modulekode: TTED111		NKR-Vlak
Titel: TEGNIESE TEGNOLOGIEMETODIEK		
<p>Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die rasionaal van Tegnologie onderrig in skole te kan verduidelik, sowel as die realiteite wat die Suid-Afrikaanse skole in die gesig staar aangaande die onderrig van Tegnologie in die VOO en AOO fases; • 'n basiese kennis te demonstreeer v d NKV beleid vir d drie Tegnologie rigtings in die VOO-fase; en • die vermoë te demonstreeer om gepaste Tegnologiese lesse te beplan in ooreenstemming met die unieke metodologie van Tegnologie met kennis van die Tegnologiese proses. 		
Modulekode: TFPF321		NKR-Vlak
Titel: TEGNOLOGIESE GELETTERDHEID VIR GRONDSLAFASE		
<p>Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n grondige kennis van probleemoplossingsvaardighede te demonstreeer deur die ontwerpproses toe te pas op tegnologiese probleme en behoeftes; • 'n fundamentele begrip te demonstreeer van kennisareas soos struktuur, prosesse, stelsels en kontrole; • grondige kennis, begrip en waardes aangaande die inter-verhouding tussen tegnologie, die 		

<p>samelewing, ekonomie en omgewing demonstreer; en</p> <ul style="list-style-type: none"> • bevoegdheid te demonstreer m.b.t. die gepaste aanwending van inligting en kommunikasietegnologie. 		
Modulekode: VTEE212		NKR-Vlak
Titel: VOERTUIG TEGNOLOGIE VIR ONDERWYS		
Module-uitkomste:		
<p>Na voltooiing van hierdie module behoort die student oor grondige kennis en begrip sowel as basiese praktiese vaardighede te beskik wat betref:</p> <ul style="list-style-type: none"> • voertuig-elektrisiteit en die basiese elektriese komponente; • voertuig- verkoelingstelsels, smeringstelsels, vergassers, brandstofpompe, koppelaars, remstelsels en remhulp-eenhede; • basiese instandhouding en onderhoud. 		
Modulekode: VTEE222		NKR-Vlak
Titel: VOERTUIG TEGNOLOGIE VIR ONDERWYS		
Module-uitkomste:		
<p>Na voltooiing van hierdie module behoort die student oor grondige kennis en begrip sowel as basiese praktiese vaardighede te beskik wat betref:</p> <ul style="list-style-type: none"> • meganiese en algemene kragte, momente en raamwerke; • die aanwend van pneumatika en hidroulika in lugremming en lugvering; • dryfasse, koppelings, ratte en handratkaste. 		
Modulekode: VTEE312		NKR-Vlak
Titel: VOERTUIG TEGNOLOGIE VIR ONDERWYS		
Module-uitkomste:		
<p>Na voltooiing van hierdie module behoort die student oor fundamentele kennis en begrip sowel as toepaslike praktiese vaardighede te beskik wat betref:</p> <ul style="list-style-type: none"> • finale aandrywing, aandrywingsuitlegte en kombinasies; • silinderkopuitlegte, klepreëling en volumetriese doeltreffendheid; • elektriese stelsels soos spoedbeheer, flikkerligsamestellings, ruitveersamestellings en • konvensionele ontstekingstelsels. 		
Modulekode: VTEE322		NKR-Vlak
Titel: VOERTUIG TEGNOLOGIE VIR ONDERWYS		
Module-uitkomste:		
<p>Na voltooiing van hierdie module behoort die student oor fundamentele kennis en begrip sowel as toepaslike praktiese vaardighede te beskik wat betref:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die uitleg en samestelling van verskeie veerstelsels en stuurstelsels; • die teorie, voor- en nadele van die onderskeie wielsporingshoeke; • brandstoftegnologie insluitend oktaanwaarde, RON-waarde detonasie en ander toepaslike begrippe; • elektriese komponente soos Instrumente, lugversorging, alternators en generators. 		
Modulekode: VTEE412		NKR-Vlak
Titel: VOERTUIG TEGNOLOGIE VIR ONDERWYS		
Module-uitkomste:		
<p>Na voltooiing van hierdie module behoort die student oor deeglik begronde kennis en afgeronde begrip sowel as toepaslike praktiese vaardighede te beskik wat betref:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die beplanning van projekte; • gevorderde remstelsels en traksiebeheer; • kragstuurstelsels, verskeie beheerstelsels, petrolinspuiting, dieselinspuiting, hidrouliese koppelings en die outomatiese transmissie. 		
Modulekode: VTEE422		NKR-Vlak
Titel: VOERTUIG TEGNOLOGIE VIR ONDERWYS		
Module-uitkomste:		
<p>Na voltooiing van hierdie module behoort die student oor deeglik begronde en afgeronde kennis en begrip sowel as toepaslike praktiese vaardighede te beskik wat betref:</p> <ul style="list-style-type: none"> • enjinwiskunde, enjinbalans, enjinnuitleg en ontwerp; • lugbesoedeling en vierwielaandrywing; • kragte en strukture; en • turbines, vertraers en elektroniese ontsteking. 		

Modulekode: WSKT121	NKR-Vlak
Titel: TEGNIESE WISKUNDE: INLEIDENDE ALGEBRA VIR VOO TEGNOLOGIE	
Module-uitkomst:	
Na afloop van hierdie module behoort die student:	
<ul style="list-style-type: none"> • basiese kennis, begrip en insig demonstreer ten opsigte van elementêre algebraïese bewerkings, 'n verskeidenheid van vergelykings, vektore en komplekse getalle; • vaardigheid demonstreer ten opsigte van die uitvoer van elementêre algebraïese bewerkings, die oplos van 'n verskeidenheid vergelykings, die oplos van probleme wat met vektorgroothede te doen het en die uitvoer van bewerkings met komplekse getalle; • bevoeg wees om bogenoemde vaardighede binne werklikheids-getroue kontekste uit die tegniese en natuurwetenskaplike vakgebiede toe te pas; • in staat wees om die betekenis, geldigheid en akkuraatheid v wiskundige oplossings binne die konteks van werklikheidsgetroue situasies uit die tegniese en natuurwetenskaplike vakgebiede te evalueer. 	
Modulekode: : WSKT212	NKR-Vlak
Titel: TEGNIESE WISKUNDE: FUNKSIES EN TRIGONOMETRIE VIR VOO TEGNOLOGIE	
Module-uitkomst:	
Na afloop van hierdie module behoort die student:	
<ul style="list-style-type: none"> • grondige kennis, begrip en insig demonstreer ten opsigte van die modellering deur gebruik te maak van 'n verskeidenheid van funksies, Cartesiese sowel as poolkoördinaatstelsels, poolkrommes, Cartesiese krommes, kegelsnitte asook lokusse en trigonometrie; • vaardigheid demonstreer in die modellering van werklikheidsgetroue situasies en probleme, basiese analitiese meetkunde, die skets en interpretasie van poolkrommes en Cartesiese krommes van 'n verskeidenheid funksies, die grafiese oplossing van stelsels vergelykings in die oplos van probleme wat met trigonometrie te doen het; • bevoeg wees om bogenoemde vaardighede prakties toe te pas en om werklikheidsgetroue situasies uit die tegniese en natuurwetenskaplike studieveld te modelleer en gepaardgaande probleme op te los; • in staat wees om die betekenis, geldigheid en akkuraatheid van wiskundige modelle en berekeninge soos toegepas op werklikheidsgetroue situasies uit die tegniese en natuurwetenskaplike studieveld te evalueer. 	
Modulekode: WSKT222	NKR-Vlak
Titel: TEGNIESE WISKUNDE: ANALISE VIR VOO TEGNOLOGIE	
Module-uitkomst:	
<ul style="list-style-type: none"> • grondige en sistematiese kennis, begrip en insig demonstreer ten opsigte van die betekenis van die afgeleide en integraal van 'n funksie; • vaardigheid demonstreer in die berekening van die afgeleide vanuit die definisie, die berekening van 'n verskeidenheid afgeleides deur middel van differensiasiereëls, toepassing van die middelpuntreël en die berekening van 'n verskeidenheid onbepaalde sowel as bepaalde integrale met behulp van integrasiereëls; • bevoeg wees om differensiasie en integrasie toe te pas ten einde die gedrag van fisiese prosesse binne werklikheidsgetroue situasies uit die tegniese en natuurwetenskaplike studieveld te analiseer en probleme op te los waar veranderingstempo's, oppervlaktes, totale veranderinge en volumes betrokke is; • in staat wees om die betekenis en geldigheid van sy analise of oplossings binne die konteks van werklikheidsgetroue situasies uit die tegniese en natuurwetenskaplike studieveld te evalueer. 	
Modulekode: WVOS221	NKR-Vlak
Titel: VERSTAAN DIE OPVOEDINGSWĒRELD	
Module-uitkomst:	
Na afloop van hierdie module behoort die student:	
<ul style="list-style-type: none"> • oor 'n kennisbasis van 'n verskeidenheid wêreldbeskouings en ideologieë te beskik en blyke te kan lewer van hul kritiese begrip deur hul vermoë om die aard en funksie asook verskillende kontemporêre manifestasies van hierdie wêreldbeskouings en ideologieë te kan vergelyk; • oor die vermoë te beskik om die interverwantskap van verskynsels soos dit in natuurlike en sosiale sisteme voorkom, te verstaan, en vanuit hierdie perspektief werklike lewensprobleme of gevallestudies wat op kernvraagstukke van ons tyd gebaseer is, soos armoede, voortdurende verandering, menseregte, MIV/Vigs, magsmisbruik, korrupsie, rasisme, xenofobie ens, te ontleed; • daartoe in staat te wees om hul persoonlike wêreldbeskouing in woorde te kan uitdruk en dit aan te wend as 'n vertrekpunt om uitvoerbare oplossings vir kernvraagstukke en -probleme van ons tyd op 	

tipies akademiese wyse te beredeneer en te kommunikeer.

Modulekode: **WVOS311**

NKR-Vlak

Titel: HOOFSTROME IN DIE FILOSOFIE VAN DIE OPVOEDKUNDE

Module-uitkomst:

Na afloop van hierdie module behoort die student:

- oor 'n deeglike en sistematiese kennis van die belangrikste basiese vraagstukke in die relevante studieveld te beskik en blyke te kan lewer van 'n kritiese verstaan van die metateoretiese aannames waarop basiese vraagstukke berus;
- blyke te kan lewer van kennis en 'n kritiese begrip van spesifieke vorme van etiek wat op die studieveld van toepassing is, soos 'n gedragskode wat vir alle mense geld of die algemene handves van menseregte, en dat hulle daartoe in staat is om sodanige vorme van etiek oordeelkundig toe te pas om enkele heersende temas of vraagstukke wat in die studieveld voorkom, te analiseer, te evalueer en moontlike oplossings aan die hand te doen;
- blyke te kan lewer van die vermoë om die aannames waarop 'n gekose tema of vraagstuk gefundeer is, te analiseer, te sintetiseer en te kritiseer, 'n persoonlike mening rakende die tema of vraagstuk te kan formuleer wat getuig van 'n persoonlike, koherente wêreldbeskouing en die bevindinge in 'n voordrag te kan aanbied deur van toepaslike tegnologie gebruik te maak, en dit ook in 'n geskrewe brongebaseerde verslag in 'n tipies akademiese formaat te kan aanbied.

OV.4.2 MODULE UITKOMSTE VIR DIE GEVORDERDE ONDERWYS SERTIFIKAAT (GOS)

Modulekode: AGSK 512 (16)	NKR-Vlak
Titel: AFRIKA-GESKIEDENIS	
Module-uitkomste:	
<ul style="list-style-type: none"> Na voltooiing van die module behoort die student kennis oor en insig in aspekte van die geskiedenis van Afrika te hê, wat deur 'n geskiedenisonderwyser in die Algemene Onderwys en Opleiding- en Verdere Onderwys en Opleidingsfasies benodig word. Hierdie aspekte sluit in: geselekteerde fasette van die voorkoloniale geskiedenis van die kontinent, kolonialisme in Afrika en die vryheidstryd, die proses van dekolonisasie, politieke en sosio-ekonomiese tendense in n-koloniale Afrika, en Afrika se internasionale betrekkinge tydens die Koue Oorlog. Die student moet 'n kritiese ingesteldheid ten opsigte van verskillende historiese vertolkings ontwikkel en basiese vaardighede in die verwerking en kommunikasie van historiese inligting verwerf. Die vakinhoud van hierdie module word aangewend as die kennisbasis vir die VGAK 511-vakdidaktiekmodule. Deur die kombinasie van die twee modules word vakkennis en didaktiese beginsels en metodes op 'n vervlegte wyse aangebied. 	
Modulekode: NVMI 523 (8)	NKR-Vlak
Titel: INLEIDING TOT NAVORSINGSMETODES	
Module-uitkomste:	
<p>Na afhandeling van hierdie module behoort die student in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> Die konsep, opvoedkundige navorsing en verskillende tipes navorsing te kan verduidelik; Basiese filosofiese aspekte binne die raamwerk van opvoedkundige navorsing, waarin die keuse van metodologie en navorsingsmetodes gegrond is, te kan verduidelik; Navorsingsprobleme, probleemstelling en betekenis/bydrae van die studie te kan ontwikkel; 'n Literatuurstudie te kan onderneem en 'n hipotese te formuleer; Te verstaan hoe om kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsmetodes in opvoedkundige navorsing toe te pas Navorsingsontwerp en prosedures te ontwikkel, 'n populasie te kies en om steekproeftegnieke toe te pas; Geskikte navorsingsinstrumente en data insamelings prosedures te ontwikkel; 'n Data-analise te onderneem, insluitende beskrywende en inferensiële statistieke; en Om bibliografiese verwysings korrek te gebruik en die korrekte verwysingstegnieke toe te pas. 	
Modulekode: EUCE 511 (8)	NKR-Vlak
Titel: EINDGEBRUIKER REKENAARWETENSKAP VIR ONDERWYSERS	
Module-uitkomste:	
<p>Na suksesvolle voltooiing van die module, sal die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> 'n rekenaar kan definieer; verskeie onderdele van 'n rekenaar kan benoem en beskryf; vaardige en doeltreffende gebruik van die volgende toon: <ol style="list-style-type: none"> 'n woordverwerkingsprogram 'n sigbladprogram 'n grafiese program 'n e-posprogram 'n webblaai- en soekenjins; insig hê en die gebruik van rekenaars in die onderwys kan verduidelik; en insig hê en aspekte rondom die veilige en etiese gebruik van rekenaars kan verduidelik 	
Modulekode: FSET 511 (8)	NKR-Vlak
Titel: GRONDSLAGSTUDIES	
Module-uitkomste:	
<p>Na voltooiing van hierdie module sal studente:</p> <ul style="list-style-type: none"> hul kennis sistematies in verband kan bring met die mikro- en makro faktore wat historiese ontwikkeling van opvoeding beïnvloed het; die vermoë kan demonstreer om die geskiedenis van opvoeding en die faktore wat dit beïnvloed het in verband te bring met 'n persoonlike opvoedingsfilosofie en te bewys deur middel van voorbeelde uit die onderwyspraktijk; die vermoë hê om navorsing te doen en verslag te lewer oor die verskil tussen <i>politieke demokrasie</i> en <i>demokratiese opvoeding</i>, en ook krities en selfstandig die komplekse aard van demokratiese opvoeding in die klaskamer te evalueer, spesifiek ten opsigte van verskillende vorme 	

<p>van diskriminasie;</p> <ul style="list-style-type: none"> die komplekse probleme as gevolg van die eise wat demokrasie aan die morele kapasiteit van onderwysers en studente stel, hul persepsie van hul morele plig en die kompleksiteit rondom die vestiging van waardes in Suid-Afrikaanse skole, te kan interpreteer en oplossings voor te stel. 		
Modulekode: GBGK511 (16)		NKR-Vlak
Titel: GEVORDERDE BEVOLKINGSGEOGRAFIE EN STEDELIKE GEOGRAFIE		
Module-uitkomst:		
Die student behoort te kan demonstreer dat hulle die nodige kennis, vaardighede, gesindhede en waardes bemeester het om in bevolkingsgeografie die demografiese oorgang en gelykstelling, bevolkingsverspreiding, -data en -projeksies te kan bespreek; in stedelike geografie die intrastedelike struktuur, stedelike diversiteit, stedelike probleme en middestadverval te kan verduidelik en bespreek.		
Modulekode: GSGK521 (16)		NKR-Vlak
Titel: VAKDIDAKTIK VAN GEOGRAFIE B		
Module-uitkomst:		
Die student behoort te kan demonstreer dat hy/sy die nodige kennis, vaardighede, gesindhede en waardes bemeester het om omgewingsopvoeding te kan beskryf en te kan toepas; probleemoplossingsmetodes, konsepvorming en onderrigleertegnieke in Geografie bemeester het.		
Modulekode: GKLK521 (16)		NKR-Vlak
Titel: GEVORDERDE KLIMATOLOGIE EN GEOMORFOLOGIE		
Module-uitkomst:		
Die student behoort te kan demonstreer dat hy/sy die nodige kennis, vaardighede, gesindhede en waardes bemeester het om by klimatologie die weerverstoringe, plaaslike weerverskynsels, stedelike klimaat en klimaatklassifikasie te kan bespreek; by geomorfologie die interne en eksterne kragte wat die aarde verander te kan beskryf asook die vorming van grond, grondprofiel en fisiese kenmerke van grond te kan bespreek; kwantitatiewe bewerkings te kan toepas.		
Modulekode: GSGK511 (16)		NKR-Vlak
Titel: VAKDIDAKTIK VAN GEOGRAFIE A		
Module-uitkomst:		
Die student behoort in staat te wees om te kan demonstreer dat hy/sy die nodige kennis, vaardighede, gesindhede en waardes bemeester het om die UGO-benadering vir Geografie te kan toepas; die gebruik van atlasse, hulpmiddels, uitstappies en werkskaarte in Geografie te kan bespreek		
Modulekode: HIVA 521 (8)		NKR-Vlak
Titel: MIV/VIGS: WETGEWING, BERADING EN ONDERSTEUNING		
Module-uitkomst:		
Na die voltooiing van hierdie module behoort die student moet in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> die wetgewing ten opsigte van die hantering van HIV/VIGS in skoolverband te verstaan, die regte en verpligtinge van die HIV/AIDS positiewe studente en opvoeders te ken en die beskerming van studente en opvoeders binne die skool te bevorder. vaardighede te toon om riglyne vas te stel vir 'n verantwoordbare, gesonde skoolomgewing vir studente met MIV/VIGS kennis en vaardighede te ontwikkel om sorg en berading toe te pas die vaardigheid te bekom om vir die student met MIV/VIGS 'n individuele opvoedkundige program te kan ontwerp 		
Modulekode: LSDL 528 (16)		NKR-Vlak
Titel: GESTREMDHEDE EN LEERHINDERNISSE IN ONDERWYS		
Module-uitkomst:		
Na die voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> begrip van gestremdhede en leerprobleme as hindernisse tot leer te demonstreer leer verskille te erken wat individuele leerders toevoeg tot die klas en hoe hierdie leer verskille leer en onderrig praktyke en prosesse kan ondersteun erkenning te gee aan die rol van die onderwyser, skool, die familie en die gemeenskap wat verseker dat alle leerders wat hierdie en ander hindernisse tot leer beleef toegang sal hê tot die kurrikulum. 		
Modulekode: LSED 518 (16)		NKR-Vlak
Titel: EMOSIONELE EN ANDER HINDERNISSE IN ONDERWYS		
Module-uitkomst:		
Na die voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> kennis te demonstreer van leerders wat emosionele en ander probleme beleef 		

<ul style="list-style-type: none"> erkenning te gee aan die rol van die onderwyser, die skool, die familie en die gemeenskap vir die ondersteuning van leerders wat hindernisse tot leer beleef basiese beradingsbeginsels toe te pas en vaardighede en die ondersteuning van leerders wat emosionele en ander hindernisse tot leer beleef 		
Modulekode: LSIE 518 (16)		NKR-Vlak
Titel: INKLUSIEWE ONDERWYS: 'N BELEIDSPERSPEKTIEF		
Module-uitkomste:		
Na die voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> Kennis te demonstreeer aangaande die inklusiewe onderwys beleid (onderwys witskrif 6), met spesifieke verwysing na die voorgestelde ondersteuningstruktuur, sowel as die konsep van hindernisse wat leer en ontwikkeling beïnvloed; Skool gebaseerde ondersteuning toe te pas aan leerders wat hindernisse tot leer beleef deur middel van 'n geïntegreerde span benadering; Kurrikulum differensiasie en assesseringstrategieë in 'n inklusiewe klaskamer te verstaan en toe te pas. 		
Modulekode: LSSH 528 (16)		NKR-Vlak
Titel: SOSIALE- EN GESONDHEIDSKWESSIES IN ONDERWYS		
Module-uitkomste:		
Na die voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> begrip te demonstreeer van leerders wat sosiale en gesondheidsprobleme beleef as hindernisse tot leer; 'n gesondheidsbevordering-benadering in skool en klaskamer konteks toe te pas om leerders te ondersteun wat hindernisse tot leer, beleef; en erkenning te gee aan die rol van die onderwyser, die skool, die familie en die gemeenskap vir die ondersteuning van leerder wat hierdie en ander hindernisse tot leer beleef. 		
Modulekode: LOBO 571 (32)		NKR-Vlak
Titel: BURGERSKAP-OPVOEDING		
Module-uitkomste:		
Na voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om sy/haar verstaan van verantwoordelike burgerskap te demonstreeer ten opsigte van onderrig en leer en die bou van 'n inklusiewe gemeenskap		
Modulekode: LOCK 571 (32)		NKR-Vlak
Titel: PERSOONLIKE WELSTAND: FISIESE GESONDHEID EN REKREASIE		
Module-uitkomste:		
Na die voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om 'n verband te trek tussen lewensvaardighede en die onderwys en om insig te demonstreeer rakende bepaalde aspekte van die welstand van die ek.		
Modulekode: LOHA 571 (32)		NKR-Vlak
Titel: PERSOONLIKE WELSTAND: GESONDHEID EN VIGS		
Module-uitkomste:		
Na suksesvolle afhandeling van hierdie module behoort die student in staat te wees om kennis, vaardighede en waardes te demonstreeer in die onderrig-leerproses van studente om gesondheidsorg te verstaan en toe te pas rakende voeding, versorg, fisiese aktiwiteite, dwelms, geslagsiektes en HIV/VIGS.		
Modulekode: MLED 571 (32)		NKR-Vlak
Titel: WISKUNDE:ELEMENTÊR		
Module-uitkomste:		
<ul style="list-style-type: none"> Lineêre, kwadratiese, polinoom-, eksponensiële, logaritmiëse en trigonometriëse funksies te kan toepas deur genoemde funksies op verskillende wyses voor te stel, asook die interpretasie van die funksies in lewenswerklike kontekste; Trigonometrie en meetkunde deur lewenswerklike probleme op te los deur gebruik te maak van twee- en drie-dimensionele figure; Elementêre statistiek deur die insameling, samevatting, voorstelling, analisering en interpretasie van data, voorspelling van uitkomst van gebeure te kan maak en waarskynlikhede te kan bepaal, asook die toepassing daarvan in lewenswerklike probleme; Die natuurlike getalle, heelgetalle, rasionale getalle, reële getalle, asook die motivering vir die uitbreiding van een getalstelsel na 'n ander; en die toepassing van hierdie kennis in lewenswerklike situasies. 		

Modulekode: MLED 572 (32)	NKR-Vlak
Titel: DIDAKTIEK VAN WISKUNDIGE GELETTERDHEID	
Module-uitkomst: Na afhandeling van hierdie module behoort die student grondige kennis en insig ten opsigte van die inhoud en struktuur van die wiskundige geletterheidskurrikulum te kan toepas in die beplanning en uitvoer van onderrig-leergeleenthede in uitkomsgebaseerde klaskamers, insluitend die ontwikkeling en gebruik van onderrig-leermedia, asook geïntegreerde assessering.	
Modulekode: MLED 574 (32)	NKR-Vlak
Titel: WISKUNDIGE GELETTERDHEID IN KONTEKS	
Module-uitkomst: Na afhandeling van hierdie module behoort die student grondige kennis en verworwe insig in wiskundige geletterdheid te toon met betrekking tot die historiese ontwikkeling van wiskunde en die gebruik van wiskunde in die wêreld van werk, die alledaagse lewe en in verskillende kulture, insluitend etnowiskunde.	
Modulekode: MLED 576 (32)	NKR-Vlak
Titel: WISKUNDE IN KONTEKS II	
Module-uitkomst: Na voltooiing van hierdie module, behoort leerders	
<ul style="list-style-type: none"> • 'n Afgeronde vaardigheid in en 'n sistematiese benadering tot die selektering van gepaste lewenswerklike en nagebootste kontekste waarin 'n basiese kennis van funksies gegrond kan word, te toon. • Probleemoplossingsvaardighede deur die toepassing van 'n basiese kennis van funksies in die wiskundering van lewenswerklike en nagebootste kontekste, te toon. • Waardering vir die rol wat 'n basiese kennis van funksies speel as gereedskap waarmee sin uit lewenswerklike en nagebootste kontekste gemaak kan word, te toon. • Die geldigheid en toepaslikheid van wiskundige oplossings binne lewenswerklike en nagebootste kontekste te evalueer en 'n waarde-oordeel te fel aangaande die plek wat funksies binne die breër raamwerk van wiskundige geletterdheid behoort in te neem. • 'n Afgeronde vaardigheid in en 'n sistematiese benadering tot die selektering van gepaste lewenswerklike en nagebootste kontekste waarin 'n basiese kennis van vorm, ruimte en meting gegrond kan word, te toon. • Probleemoplossingsvaardighede deur die toepassing van 'n basiese kennis van vorm, ruimte en meting in die wiskundering van lewenswerklike en nagebootste kontekste, te toon. • Waardering vir die rol wat 'n basiese kennis van vorm, ruimte en meting speel as gereedskap waarmee sin uit lewenswerklike en nagebootste kontekste gemaak kan word, te toon. • Die geldigheid en toepaslikheid van wiskundige oplossings binne lewenswerklike en nagebootste kontekste te evalueer en 'n waarde-oordeel te fel aangaande die plek wat vorm, ruimte en meting binne die breër raamwerk van wiskundige geletterdheid behoort in te neem. 	
Modulekode: NDWK522 (16)	NKR-Vlak
Titel: DIDAKTIEK VAN WISKUNDE (AOO-BAND)	
Module-uitkomst: Die student behoort kennis, vaardighede en waardes te kan demonstreeer ten opsigte van onderrig- en leerstrategieë, sowel as om tegnologiese en leerhulpmiddele vir die leer van Wiskunde op Intermediêre en Seniorfases te kan gebruik; in staat te wees om sy/haar verworwe kennis en vaardighede betreffende die hulpmiddele en strategieë in die onderrig van Wiskunde in die AOO- band toe te pas.	
Modulekode: NEBK511 (16)	NKR-Vlak
Titel: DIE AARDE EN DAARBUTE VIR WETENSKAP	
Module-uitkomst: Die student behoort die ontwikkeling van temas van alle essensiële aspekte van Geografie en Geologie te kan toepas wat op leef en lewe betrekking het, in die AOO-band te fasiliteer.	
Modulekode: NECK521 (16)	NKR-Vlak
Titel: ENERGIE EN VERANDERING VIR WETENSKAP	
Module-uitkomst: Die student behoort in staat te wees om die ontwikkeling van temas rondom energie en verandering, die noodsaaklike aspekte van Fisika en verwante leerervarings in die AOO-band te fasiliteer.	
Modulekode: NLLK511 (16)	NKR-Vlak
Titel: LEWE EN LEWENSWYSE VIR WETENSKAP (AOO-BAND)	
Module-uitkomst: Die student behoort in staat te wees om die ontwikkeling van temas van alle essensiële aspekte van Plantkunde, Dierkunde en Fisiologie wat op leef en lewe betrekking het, in die AOO-band te fasiliteer.	

Modulekode: NMMK521 (16)		NKR-Vlak
Titel: MATERIE EN MATERIALE VIR WETENSKAP		
Module-uitkomste:		
Die student behoort in staat te wees om die ontwikkeling van temas van alle essensiële aspekte van Chemie betreffende materie en materiaal in die AOO-band te fasiliteer.		
Modulekode: NDSK521 (16)		NKR-Vlak
Titel: DIDAKTIEK VAN NATUURWETENSKAP (Intermediër)		
Module-uitkomste:		
Na voltooiing van hierdie module, moet die leerder die kennis, vaardigheid en waardes wat verband hou met wesenlike aspekte van onderwys, leer en die gebruik van onderwys hulpmiddels op intermediêre- en senior vlakke, kan demonstreer. Die leerder sal 'n grondige teoretiese kennis van konstruktivisme se toepassing op fisika en chemie op hierdie vlakke hê; asook die manier waarop alternatiewe beskouinge impakkeer op die leer van hierdie vakke. Leerders sal ook die geleentheid hê om die inhoud van die relevante nasionale kurrikulum ten opsigte van inhoud, vlak, ontwikkelingslyn en vereiste voorkennis, te verken. Die leerder sal vertrou wees met 'n verskeidenheid opleidingsstrategieë en assesseringstegnieke wat toepas kan word in algemene wetenskap. Bykomend sal die leerder vertrou wees met die beginsels van effektiewe laboratoriumveiligheid, organisering en bestuur.		
Modulekode: NWPK511 (16)		NKR-Vlak
Titel: GETALONTWIKKELING		
Module-uitkomste:		
Die student behoort in staat te wees om deur middel van fasilitering 'n begrip van syfers en breuke by sy/haar studente te ontwikkel en die vier tipe berekenings in die AOO-band te fasiliteer.		
Modulekode: NWPK512 (16)		NKR-Vlak
Titel: GRONDSLAE VAN ALGEBRA		
Module-uitkomste:		
Die student behoort in staat te wees om die fundamentele beginsels van Algebra by sy/haar studente tuis te bring deur middel van fasilitering in die AOO-band.		
Modulekode: NWPK521 (16)		NKR-Vlak
Titel: MEETKUNDIGE ONTWIKKELING		
Module-uitkomste:		
Die student behoort in staat te wees om die geometriese konsepte by sy/haar students tuis te bring deur middel van fasilitering in die AOO-band.		
Metode van aflewering:		
Modulekode: NWPK522 (16)		NKR-Vlak
Titel: GRAFIKA EN DATAHANTERING		
Module-uitkomste:		
Die student behoort in staat te wees om die verwerking van probleemoplossingsvaardighede betreffende interpretasie van grafieke en statistiese data aan sy/haar studente oor te dra deur middel van fasilitering in die AOO-band.		
Modulekode: ORAK511 (8)		NKR-Vlak
Titel: ONDERWYSREG, -STELSELS EN -ADMINISTRASIE A		
Module-uitkomste:		
Die student moet kennis, vaardighede en insig demonstreer met betrekking tot die skool as organisasie en die onderwys as profesie; die onderwyser se verhouding met sy/haar werkgewer kan ontleed deur veral te fokus op die diensvoorwaardes van die onderwyser.		
Modulekode: ORAK521 (8)		NKR-Vlak
Titel: ONDERWYSREG, -STELSELS EN -ADMINISTRASIE B		
Module-uitkomste:		
Die student moet kennis, vaardighede en perspektief kan demonstreer om as bestuurder in die onderwys op te tree; die nodige kennis van die onderwysreg demonstreer deur te alle tye korrek op te tree as onderwyser wat betref sy/haar regte en verpligtinge; bewys wees van die besondere eise wat aan die beginneronderwyser gestel word; die nodige strategieë kan implementeer om sy/haar toegang tot die profesie so effektief moontlik te laat verloop.		
Modulekode: ORLK511 (8)		NKR-Vlak
Titel: ONDERRIG EN LEER A		
Module-uitkomste:		
Die student behoort kennis, begrip en vaardigheid ten opsigte van onderrig en leer te demonstreer deur onderskeidelik die inligtingverwerkings- en konstruktivistiese benadering tot leer te beskryf en met mekaar		

te vergelyk; die kognitiewe, metakognitiewe en motiveringsveranderlikes wat bydra tot effektiewe leer te beskryf en te ontleed; die bydrae van 'n interaktiewe onderrigbenadering, met inbegrip van koöperatiewe leermodelle en geskikte onderrig-leermetodes en -media, en deurlopende assessering tot effektiewe onderrig-leerstuasia's te beskryf, ontleed en te illustreer.		
Modulekode: ORLK521 (8)		NKR-Vlak
Titel: ONDERRIG EN LEER B		
Module-uitkomst: Die student behoort kennis, begrip en vaardigheid ten opsigte van onderrig, leer en die kurrikulum te demonstreer deur effektiewe leer te ontleed aan die hand van 'n model van die effektiewe student; motivering volgens die attribusieteorie en selfdoeltreffendheidsoortuigings kan verduidelik en ontleed; die bydrae van effektiewe kurrikulering, soos vergestalt in die kurrikulumsiklus, tot doeltreffende onderwys te beskryf, ontleed en te illustreer.		
Modulekode: SSGK 521 (16)		NKR-Vlak
Titel: SUID-AFRIKAANSE GESKIEDENIS (1948-1994)		
Module-uitkomst: Na voltooiing van hierdie module behoort die student kennis en insigte te hê in die volgende aspekte van die twintigste eeuse Suid-Afrikaanse geskiedenis: Konsolidering van die apartheid-staat, 1948-1966; Die stryd teen isolasie, 1966-1978; Apartheid by 'n kruispad, 1960-1983; Die aftakeling van Apartheid, 1984-1994.		
Modulekode: VGAK 511 (16)		NKR-Vlak
Titel: VAKDIDAKTIEK GESKIEDENIS A		
Module-uitkomst: Na voltooiing van hierdie module moet die student sy verworwe kennis, vaardighede, insig en waardes demonstreer op die volgende terreine: onderrig en leiding aan studente van Geskiedenis in die formatiewe waarde en praktykgerigte fokus van Geskiedenis. Met behulp van die nodige kennis, insig en praktiese ervaring wat verkry is in die evaluering van gepubliseerde geskiedenis werke behoort die student ook met meerdere insig rakende vertolkingswyses, en die wyse waarop 'n kritiese ingesteldheid hierteenoor in 'n leerontmoetingsituasie toepaslik gemaak kan word, enige leerinhoud te kan benader.		
Modulekode: VGBK 512		NKR-Vlak
Titel: (16) VAKDIDAKTIEK GESKIEDENIS B		
Module-uitkomst: Na voltooiing van hierdie module moet die student sy verworwe kennis, vaardighede, insig en waardes demonstreer op die volgende terreine: die wyse waarop die leerontmoetingsproses in geskiedenisonderrig benader sou kon word, sinvolle jaarbeplanning van leerinhoude, die vorme en wyses van die toepassing van 'n verskeidenheid van vaardigheidsgerigte onderrigbenaderings; van historiese bronne en assesseringstechnieke.		

**OV.4.3 MODULE UITKOMSTE VIR DIE NASIONALE PROFESSIONELE ONDERWYS
DIPLOMA (NPOD)**

Modulekode: AFDN 125 (16)		NKR-Vlak
Titel: VAKDIDAKTIEK VAN AFRIKAANS: PRAKTYKGERIGTE AFRIKAANSONDERRIG INLEIDENDE		
Module-uitkomste: Die student behoort in staat te wees om bewys te lewer van sy/haar kennis van die UGO-benaderingswyse soos van toepassing binne die Leerarea Tale; geskikte leermateriaal vir UGO-leerervarings binne verskillende kontekste te kan selekteer en te kan gebruik om fasespesifieke leerervarings op verskillende leervlakke saam te stel.		
Modulekode: AFDN325 (16)		NKR-Vlak
Titel: VAKDIDAKTIEK VAN AFRIKAANS: PRAKTYKGERIGTE AFRIKAANS-ONDERRIG		
Module-uitkomste: Die student behoort in staat te wees om bewys te kan lewer van sy/haar kennis van verskillende taal- en kommunikasievaardighede; leermateriaal te kan identifiseer deur middel waarvan studente tot bereiking van bepaalde fasespesifieke taalluitkomste begelei kan word; die mate waarin die fasespesifieke leeruitkomste bereik is, te kan bepaal.		
Metode van aflewering:		
Modulekode: AFRN125 (8)		NKR-Vlak
Titel: AFRIKAANS: INTERPRETASIE EN REDIGERING: SPELLING EN WOORDE-BOEKGEBRUIK		
Module-uitkomste: Die student behoort in staat te wees om sy/haar kennis van die Afrikaanse spelsisteme te kan toepas in die assessering en redigering van (student)skryfstukke; woordeboeke effektief te kan gebruik om meer gevorderde tekste uit verskillende leerareas te kan ontsluit; relevante inligting oor die bou, gebruiksfere en gebruiksmoontlikhede van Afrikaanse woorde uit woordeboeke te kan bekom en in die skep en redigering van tekste te kan toepas; kerngedagtes te identifiseer en verskillende tipes tekste te kan opsom.		
Modulekode: AFRN315 (8)		NKR-Vlak
Titel: AFRIKAANS: WOORD- EN SINBOU, VARIËTEITE EN STYLE		
Module-uitkomste: Die student behoort in staat te wees om hoëfunksie-taalstruktuurpatrone van Afrikaans (woord- en sinbou) te kan identifiseer en beskryf, en by die skep van tekste oor 'n verskeidenheid temas te kan toepas; die vorm en funksie van Standaardafrikaans te kan beskryf en te beoordeel; die gepastheid van die gebruik van verskillende Afrikaanse variëteite (standaard- en niestandaardvariëteite, registers en style) binne 'n verskeidenheid sosiale situasies en in 'n verskeidenheid tekste te kan beoordeel.		
Modulekode: AGDN125 (16)		NKR-Vlak
Titel: SKOOLGEREEDHEID EN PERSEPTUELE VAARDIGHEDE IN DIE GRONDSLAGFASE		
Module-uitkomste: Die student behoort kennis en vaardigheid te toon van skoolgereedheid, persepsie en organisasie en administrasie in die Grondslagfase.		
Modulekode: AGDN325 (16)		NKR-Vlak
Titel: GRONDSLAGFASESTUDIES		
Module-uitkomste: Die student behoort in staat te wees om bewys te lewer van sy kennis, vaardighede en waardes aangaande die administrasie en organisasie van die Grondslagfase-klaskamer asook belangrike aspekte van gesondheid.		
Modulekode: AKPN125 (8)		NKR-Vlak
Titel: AFRIKAANS MOEDERTAALKOMMUNIKASIE: EFFEKTIEWE EN KREATIEWE TAALGEBRUIK		
Module-uitkomste: Die student behoort kommunikasiebelemmerende woordgebruik in studenttekste te kan identifiseer en regstel; toepaslike woordeboekinligting effektief te kan gebruik om studenttekste stilisties te redigeer en om sy/haar gedagtes en gevoelens by die skep van eie tekste op kreatiewe wyse uit te druk		
Modulekode: AKPN315 (8)		NKR-Vlak
Titel: AFRIKAANS MOEDERTAALKOMMUNIKASIE: SPELLING EN GEPASTE TAALGEBRUIK		
Module-uitkomste: Die student behoort in staat te wees om die spelling van Afrikaanse woorde in studenttekste uit verskillende leerareas te kan beoordeel en redigeer; bewys te kan lewer van kundigheid en vaardigheid ten opsigte van die plek en funksie van Standaardafrikaans en die niestandaardvariëteite daarvan binne		

die samelewing, asook ten opsigte van die gebruik van verskillende style en registers (insluitend akademiese taalgebruik) vir effektiewe kommunikasie.		
Modulekode: AKPN325 (8)		NKR-Vlak
Titel: AFRIKAANS MOEDERTAALKOMMUNIKASIE: SPELLING EN GEPASTE TAALGEBRUIK		
Module-uitkomst:		
Die student behoort in staat te wees om die spelling van Afrikaanse woorde in studentekste uit verskillende leerareas te kan beoordeel en redigeer; bewys te kan lewer van kundigheid en vaardigheid ten opsigte van die plek en funksie van Standaardafrikaans en die niestandaardvarieteite daarvan binne die samelewing, asook ten opsigte van die gebruik van verskillende style en registers (insluitend akademiese taalgebruik) vir effektiewe kommunikasie.		
Modulekode: CLFE115 (8)		NKR-Vlak
Titel: REKENAARGELETTERDHEID VIR ONDERWYSERS		
Module-uitkomst:		
Die student moet kan bewys dat hy/sy oor die nodige kennis, vaardighede en waardes wat op rekenaaragtologie soos dit in die onderrigsituasie gebruik word, beskik (dit sluit in kennis van die basiese werking van 'n rekenaar; vaardighede in die gebruik van 'n operasionele stelsel; woordverwerking; werkblaaie; grafiese pakette; die Internet; en die gebruik van elektroniese pos).		
Modulekode: EDMN315 (8)		NKR-Vlak
Titel: ONDERWYSBESTUUR EN -ONTWIKKELING		
Module-uitkomst:		
Die student behoort in staat te wees om bewys te lewer van kennis, vaardighede en waardes aangaande 'n ontwikkelingsplan binne die raamwerk van kwaliteitsversekering, om in staat gestel te word om skoolontwikkelingsplanne suksesvol te voltooi; te verstaan hoe 'n konsulerende proses van die ontwikkeling van 'n visie en missie in skole 'n skoolgemeenskap en effektiwiteit kan bou; begrip te toon van die ontwikkeling van die skool as geheel, aanwysers om verandering te meet en te beheer, raamwerke vir kwaliteitsversekering, skoolontwikkelingsbeplanning, waardes van die deelhebbers en die nuwe onderwysparadigma.		
Modulekode: EDSN125 (16)		NKR-Vlak
Titel: VAKDIDAKTIEK ENGELS		
Module-uitkomst:		
Die student behoort student-gesentreerde beginsels in die taalklaskamer te verstaan en implementeer; verskeie metodes om Engels as tweede taal aan te bied, te kan interpreteer en evalueer; kennis van die beginsels van UGO te demonstreer en meer spesifiek in die onderrig van taaluikomste en vaardighede; die basiese didaktiese beginsels in die beplanning van onderrig toe te pas; kennis en vaardighede aangaande assessering te demonstreer; professionele waardes in alle opvoedkundige aangeleenthede te demonstreer.		
Modulekode: EDSN325 (16)		NKR-Vlak
Titel: VAKDIDAKTIEK ENGELS		
Module-uitkomst:		
Die student behoort student-gesentreerde beginsels in die taalklaskamer te verstaan en implementeer; verskeie metodes om Engels as tweede taal aan te bied, te kan interpreteer en evalueer; kennis van die beginsels van UGO te demonstreer en meer spesifiek in die onderrig van taaluikomste en vaardighede; die basiese didaktiese beginsels in die beplanning van onderrig toe te pas; kennis en vaardighede aangaande assessering te demonstreer; professionele waardes in alle opvoedkundige aangeleenthede te demonstreer.		
Modulekode: EDVN125 (8)		NKR-Vlak
Titel: ANTI-RASSISME, ONDERWYSWETGEWING EN WAARDES		
Module-uitkomst:		
Die student behoort kennis, vaardighede en waardes te demonstreer aangaande die soeke na groter gelykheid en billikheid om 'n nie-rassige demokratiese onderwysbedeling te vestig. (Die inhoud van die module fokus op toename in openbare bewustheid en waardes in onderwys en handel oor opvoedkundige waardes, etiek, nie-rassisme, en professionalisme met riglyne om die gevolge daarvan op studente te evalueer.)		
Modulekode: EGPN125 (8)		NKR-Vlak
Titel: ENGELS: SINTAKSIS VIR DIE ENGELSE ONDERWYSERS		
Module-uitkomst:		
Die student behoort in staat te wees om akademiese kennis van uitspraak, verbuigings, sintaksis en betekenis en didaktiese kennis te sintetiseer om 'n individuele aanslag te formuleer tot die onderrig van Engels as eerste en tweede taal in al die fases; die toepaslike kognitiewe akademiese Engels wat nodig is		

vir gebruik in die taalonderrig-leer situasie te kan gebruik en onderrig.		
Modulekode: EGNP315 (8)		NKR-Vlak
Titel: INLEIDING TOT DIE ENGELSE LITERATUUR		
Module-uitkomste: Die student behoort kennis en insig te demonstreer aangaande die literêre genres van dramas en romans; temas in literêre genre te kan identifiseer, opspoor en interpreteer en die nodige vaardighede kan demonstreer om literêre teks te kan analiseer en krities te kan evalueer; effektief te kan kommunikeer, individueel en in groepe, in Engels oor die algemeen en spesifiek in alle aspekte van die onderrig-leersituasie; die kennis en vaardighede demonstreer om die waardes in literêre tekste te kan identifiseer en evalueer; kennis te demonstreer van stilistiese aspekte van literêre tekste om letterkunde te kan gebruik vir die onderrig van grammatika en taalvaardighede; die didaktiese vaardighede en benaderings te kan verstaan en toepas by die onderrig van taal en letterkunde in al die opvoedkundige fases.		
Modulekode: EGNP325 (8)		NKR-Vlak
Titel: ENGELSE LITERATUUR VIR DIE ONDERWYSER		
Module-uitkomste: Die student behoort kennis en insig te demonstreer van die literêre genres in poësie, kortverhale en jong volwasse literatuur in 'n verskeidenheid Afrosentriese tekste; temas in literêre genres te kan identifiseer, naspour en interpreteer; die nodige vaardighede te demonstreer om Afrosentriese literêre teks te kan analiseer en krities te evalueer; effektief te kommunikeer, individueel en in groepe, in Engels in die algemeen en spesifiek aangaande al die aspekte van die onderrig-leersituasie; die kennis en vaardighede te hê om die waardes in Afrosentriese tekste te kan identifiseer en evalueer; kennis te demonstreer van stilistiese aspekte van literêre teks om letterkunde te kan gebruik vir die onderrig van grammatika en taalvaardighede; die didaktiese vaardighede en benaderings te kan verstaan en toepas by die onderrig van taal en letterkunde; kennis, vaardighede en waardes te demonstreer aangaande letterkunde, taal en didaktiek van Engels as eerste en tweede taal in al die opvoedkundige fases.		
Modulekode: ESPN125 (8)		NKR-Vlak
Titel: ENGELS KOMMUNIKASIE: ONDERRIG VAN ENGELS OOR DIE KURRIKULUM		
Module-uitkomste: Die studente behoort die vermoë te demonstreer om Engels oor die kurrikulum te kan gebruik en onderrig (insluitend die vermoë om taal te gebruik vir interpersoonlike en pedagogiese bedoelings in die klaskamer om onderrigaktiwiteite uit te voer in 'n vlot en vrymoedige manier); die vermoë te demonstreer om die akademiese skryf- en leesvaardighede te kan gebruik wat nodig is om sy/haar vak aan te bied en hierdie vaardighede te kan onderrig en assesseer; kennis te demonstreer van die tegniese taal in sy/haar vakgebied asook om terminologie te vereenvoudig deur effektiewe onderrigstrategieë; die vermoë te demonstreer om foute in basiese sintaks, semantiek en fonologie te kan uitken en onderrigmateriaal te gebruik wat die basiese grammatika en taalfoute kan regstel; die vermoë te demonstreer om 'n leesstuk te vereenvoudig, sleutelwoorde te identifiseer en basiese leesvaardighede soos vluglees te onderrig; die vermoë te demonstreer om groepsaktiwiteite en koöperatiewe leer te implementeer wat die geleentheid skep vir die aanleer van inhoud en taal.		
Modulekode: ESPN315 (8)		NKR-Vlak
Titel: ENGELS KOMMUNIKASIE: DIE ROL VAN TAAL BY LEER		
Module-uitkomste: Die student behoort in staat te wees om meetbare uitkomste te ontwerp vir inhoud, taal, en akademiese of taakvaardighede; die vermoë te demonstreer om insette te vereenvoudig deur vakinhoud te verduidelik en te vereenvoudig; probleemareas en die woordeskat te identifiseer wat nodig is om inhoud te verstaan; vrae te stel om die nodige antwoorde van studente te kry; die vermoë te demonstreer om strategieë te gebruik om in te gryp waar probleme in agtergrondkennis en taalvaardighede bestaan wat studente verhoed om nuwe kennis te bekom; die vermoë te demonstreer om begrip van inhoud te toon deur inhoud grafies voor te stel, bykomende materiaal te ontwerp om moeilike konsepte te verduidelik aan studente, en kontekstuele leidrade te ontwerp om insig te bewerk; akademiese taal te konseptualiseer, (konkretiseer) deur voorbeelde en bymende materiaal te verskaf en betekenis te demonstreer; kennis te demonstreer van die tegniese woordeskat in hul vakgebied asook om terminologie te vereenvoudig deur effektiewe onderrigstrategieë; studente se foute in basiese sintaks, semantiek en uitspraak reg te stel; vakinhoud vloeiend en interessant te verduidelik deur stem en register effektief te gebruik; groepsaktiwiteite te gebruik en werkkaarte te ontwerp wat geleentheid gee vir inhoud- en taalverwerwing; 'n wye verskeidenheid van assesseringstrategieë te ontwerp en gebruik om te bewys dat studente vaardig is in inhoud en taal in verskeie maniere.		
Modulekode: ESPN325 (8)		NKR-Vlak
Titel: ENGELS KOMMUNIKASIE: DIE ROL VAN TAAL BY LEER		
Module-uitkomste:		

Die student behoort in staat te wees om meetbare uitkomst te ontwerp vir inhoud, taal, en akademiese of taakvaardighede; die vermoë te demonstreer om insette te vereenvoudig deur vakinhoud te verduidelik en te vereenvoudig; probleemareas en die woordeskat te identifiseer wat nodig is om inhoud te verstaan; vrae te stel om die nodige antwoorde van studente te kry; die vermoë te demonstreer om strategieë te gebruik om in te gryp waar probleme in agtergrondkennis en taalvaardighede bestaan wat studente verhoed om nuwe kennis te bekom; die vermoë te demonstreer om begrip van inhoud te toon deur inhoud grafies voor te stel, bykomende materiaal te ontwerp om moeilike konsepte te verduidelik aan studente, en kontekstuele leidrade te ontwerp om insig te bewerk; akademiese taal te konseptualiseer, (konkretiseer) deur voorbeelde en bymende materiaal te verskaf en betekenis te demonstreer; kennis te demonstreer van die tegniese woordeskat in hul vakgebied asook om terminologie te vereenvoudig deur effektiewe onderrigstrategieë; studente se foute in basiese sintaks, semantiek en uitspraak reg te stel; vakinhoud vloeiend en interessant te verduidelik deur stem en register effektief te gebruik; groepaktiwiteite te gebruik en werkkaarte te ontwerp wat geleentheid gee vir inhoud- en taalverwerwing; 'n wye verskeidenheid van assesseringstrategieë te ontwerp en gebruik om te bewys dat studente vaardig is in inhoud en taal in verskeie maniere.

Modulekode: **FPUN125 (8)**

NKR-Vlak

Titel: GRONDSLAFASESTUDIES: GELETTERDHEID

Module-uitkomst:

Die student behoort kennis, vaardighede en waardes te demonstreer aangaande alle aspekte van lewensvaardighede in die Grondslagfase, insluitend multikulturele integrasie en godsdienstige standpunte.

Modulekode: **FPUN315 (8)**

NKR-Vlak

Titel: GRONDSLAFASESTUDIES: GESYFERDHEID

Module-uitkomst:

Die student behoort kennis, vaardighede en waardes te demonstreer aangaande alle aspekte van Lewensvaardighede in die Grondslagfase, insluitend multikulturele integrasie en godsdienstige standpunte.

Modulekode: **FPUN325 (8)**

NKR-Vlak

Titel: GRONDSLAFASESTUDIES: LEWENVAARDIGHEDE VIR GRONDSLAFASE LEERDERS

Module-uitkomst:

Die student behoort kennis, vaardighede en waardes te demonstreer aangaande assessering in die Grondslagfase asook integrering van al agt leerareas in leerervarings; oor praktiese kennis, vaardighede en houdings beskik ten opsigte van studente met motoriese, persepsie-, taal-, lees-, skryf-, spelling- en wiskunde probleme.

Modulekode: **GSAN125 (8)**

NKR-Vlak

Titel: GESKIEDENIS: TUSSENGROEPVERHOUDINGS IN SUID-AFRIKA (1652 TOT 1854)

Module-uitkomst:

Die student moet in staat wees om die historiese verloop van politieke, ekonomiese en sosiale intergroepverhoudings tussen die blanke, Khoisan en swart gemeenskappe te kan beoordeel vir die tydperk 1652 tot 1854.

Modulekode: **GSAN315 (8)**

NKR-Vlak

Titel: GESKIEDENIS: BRITSE IMPERIALISME EN AFRIKANER- EN SWART REAKSIE (1836 TOT 1910)

Module-uitkomst:

Die student behoort in staat te wees om kennis, vaardighede, gesindhede en waardes te demonstreer ten opsigte van die Afrikaner- en swart reaksie teenoor Britse imperialisme in die tydperk 1836 tot 1910.

Modulekode: **GSAN325 (8)**

NKR-Vlak

Titel: GESKIEDENIS: POLITIEKE ONTWIKKELING IN SUID AFRIKA (1910 TOT 1948)

Module-uitkomst:

Die student behoort in staat te wees om kennis, vaardighede, gesindhede en waardes te demonstreer met betrekking tot die swart en wit politieke ontwikkeling in Suid-Afrika gedurende die tydperk 1910 tot 1948.

Modulekode: **G SXN125 (16)**

NKR-Vlak

Titel: GESKIEDENIS DIDAKTIEK

Module-uitkomst:

Die student behoort in staat te wees om kennis, vaardighede, gesindhede en waardes te demonstreer met betrekking tot die plek van Geskiedenis in UGO, sowel as van die rol van die geskiedenisonderwyser in 'n multikulturele samelewing, onderrigbenaderings, historiese uitstappies, werkkaarte en vraagstelling.

Modulekode: **G SXN325 (16)**

NKR-Vlak

Titel: GESKIEDENIS DIDAKTIEK

Module-uitkomst:

Die student behoort in staat te wees om UGO toe te pas met verwysing na die beplanning en ontwerp van leerprogramme, werkskedules en lesplanne; bevoegdheid te demonstreer in die keuse, toepassing en aanpassing van onderrigstrategieë, onderrighulpbronne en die ontwerp en monitering van assesseringsstrategieë, -metodes en –prosedures.		
Modulekode: HSCN319 (8)		NKR-Vlak
Titel: SOSIALE WETENSKAPPE: LEERAREA		
Module-uitkomst: 'Die student behoort in staat te wees om 'n basiese agtergrondkennis oor die leerarea Sosiale Wetenskappe te demonstreer; die kreatiewe oplossing van probleme binne die leerarea Sosiale Wetenskappe te implementeer; die negatiewe invloed van die mens op die omgewing te verduidelik en te demonstreer; die invloed van hulpbronne op die ligging van dorpe en stede te beredeneer; te verduidelik hoekom volhoubare ontwikkeling en bestuur van hulpbronne noodsaaklik is om die voortbestaan van die mens op aarde; te demonstreer hoe samelewings plaaslik, nasionaal en internasionaal verander en funksioneer; die funksionering en invloed van verskillende regeringsvorme te evalueer; 'n positiewe en eties-verantwoordbare houding jeens sosiale sake van ons tyd te openbaar.		
Modulekode: LOCN319 (8)		NKR-Vlak
Titel: LEWENSORIËTERING: LEERAREA		
Module-uitkomst: Die student moet elementêre en aanvangskennis, vaardighede en waardes demonstreer ten opsigte van die volgende verbandhoudende studietemas vanuit Kurrikulum 2005: perspektiewe aangaande geloofsaspekte en waardestelsels, die belang van 'n menseregtebeskouing, verhoudingstiging en persoonlikheidsontwikkeling, kritiese ingesteldheid en besluitnemingsprosesse, beroepsvoorligting, die aanleer van 'n gesonde lewenstyl en fisieke ontwikkeling; bewys kan lewer van bevoegdheid ten opsigte van kennis, vaardighede en waardes betreffende die vakdidaktiek van die leerarea Lewensriëntering in die Intermediêre fase.		
Modulekode: NWCN319 (8)		NKR-Vlak
Titel: NATUURWETENSKAPPE: LEERAREA		
Module-uitkomst: Die student behoort in staat te wees om 'n oorsigtelike begrip van die Natuurwetenskappe te demonstreer binne die konteks van die volgende temas: Laboratoriumbestuur en didaktiek, materie en materiale, energie en verandering, lewe, and die planeet aarde; kennis, vaardighede en waardes te demonstreer t.o.v. die daarstelling van 'n effektiewe leerkultuur en leeromgewing in 'n goedgeorganiseerde laboratorium, wetenskaplike ondersoek en tegnieke, kommunikasie van versamelde data deur verslaggewing, hantering van apparaat en tegniese vaardighede, begrip vir die aarde as self-onderhoudende omgewing wat effektief beheer moet word.		
Modulekode: OPAN315 (8)		NKR-Vlak
Titel: ONDERRIGSTUDIES		
Module-uitkomst: 'Die student behoort te kan demonstreer dat die nodige kritiese uitkomst bemeester is en dat hy/sy bemaagtig is om dit toe te pas en daartoe te lewe as 'n onderwyser (soos beskryf deur die sewe rolle van die onderwyser); insig, vaardighede en waardes te demonstreer aangaande die HNKV, basiese elemente van klaskamerbestuur, die rol van die skool aangaande jeugprobleme en spesifiek die probleem van "straatkinders", die onderwyser as 'n professionele persoon.		
Modulekode: RGLN115 (8)		NKR-Vlak
Titel: REKENAAR GELETTERDHEID		
Module-uitkomst: Die student in staat wees om kennis, vaardighede en waardes rakende rekenaartegnologie te demonstreer, soos dit in onderwys gebruik word		
Modulekode: RPLL111 (48)		NKR-Vlak
Titel: ERKENNING VAN VORIGE LEER		
Module-uitkomst: Studente se onderrigvaardigheid word onder die volgende komponente erken en geassesseer: fundamentele leer, onderriginhoud van leerarea, onderrig en leerprosesse, sowel as skool en profesie.		
Modulekode: RPLL271 (128)		NKR-Vlak
Titel: ERKENNING VAN VORIGE LEER		
Module-uitkomst: Studente se onderrigvaardigheid word onder die volgende komponente erken en geassesseer: Komponent 1: Vaardigheid betreffende fundamentele leer. Uittrekwak-uitkomst 1.1: Demonstreer vaardigheid in lees, skryf en praat van die taal/tale van onderrig wat eie akademiese leer bevorder en ook		

<p>die vermoë om leer in die klaskamer te fasiliteer. Uittreevlak-uitkomst 1.2: Demonstreer vaardigheid in die interpretering en gebruik van numeriese en elementêre, statistiese inligting om eie, akademiese leer te fasiliteer en die vermoë om onderrig, lees en assessering te administreer.</p> <p>Komponent 2: Vaardigheid betreffende inhoud van leerarea. Uittreevlak-uitkomst: Demonstreer vaardigheid in die area van spesialisasie (fase/leerarea) in beplanning, ontwerp van, en verwysing na leerprogramme toepaslik vir studente en leerinhoud.</p> <p>Komponent 3: Vaardigheid betreffende onderrig en leerproses. Uittreevlak-uitkomst 3.1: Demonstreer vaardigheid in die area van spesialisasie in die seleksie, gebruik en aanpassing van onderrigstrategieë op wyses wat voldoen aan die konteks en studentebehoefes. Uittreevlak-uitkomst 3.2: Demonstreer vaardigheid in bestuur en administrasie van leeromgewings en verwante gebiede op 'n sensitiewe, stimulerende en goedgeorganiseerde manier. Uittreevlak-uitkomst 3.3: Demonstreer vaardigheid in die monitering en assessering van die studente se vordering en bereiking van uitkomstes.</p> <p>Komponent 4: Vaardigheid betreffende die skool en profesie. Uittreevlak-uitkomst 4.1: Demonstreer die vermoë om doeltreffend te funksioneer binne die onderwysstelsel, die instansie waar gewerk word en die gemeenskap waar die instansie gesetel is. Uittreevlak-uitkomst 4.2: Demonstreer 'n respek vir, en toewyding aan die onderwysprofesie.</p>		
Modulekode: SSCN125 (8)		NKR-Vlak
Titel: SESOTHO KOMMUNIKASIE (M)		
Module-uitkomst:		
Die studente behoort in staat te wees om die effektiewe gebruik van taalvaardighede in verskillende situasies te demonstreer (veral in die skool), kennis van kommunikasievaardighede, sowel as kennis en vaardighede van kommunikasiehelpbronne.		
Modulekode: SSCN315 (8)		NKR-Vlak
Titel: SESOTHO KOMMUNIKASIE (M)		
Module-uitkomst:		
Die studente behoort in staat te wees om die effektiewe gebruik van mondelinge kommunikasievaardighede te demonstreer in die skool met die oog daarop om met studente, ouers en onderwysers te kommunikeer; waardering en begrip te toon vir kulturele mites sodat dit aan studente verduidelik kan word; studente te help om multikulturele situasies in die skool te hanteer; effektief in Sesotho te kan kommunikeer oor die algemeen en spesifiek aangaande alle aspekte van die onderrig-leer situasie.		
Modulekode: SSCN325 (8)		NKR-Vlak
Titel: SESOTHO KOMMUNIKASIE (M)		
Module-uitkomst:		
Die studente behoort in staat te wees om die effektiewe gebruik van mondelinge kommunikasievaardighede te demonstreer in die skool met die oog daarop om met studente, ouers en onderwysers te kommunikeer; waardering en begrip te toon vir kulturele mites sodat dit aan studente verduidelik kan word; studente te help om multikulturele situasies in die skool te hanteer.		
Modulekode: SSMN125 (8)		NKR-Vlak
Titel: SESOTHO		
Module-uitkomst:		
Die student behoort in staat te wees om akademiese kennis te demonstreer aangaande grammatikale strukture en letterkundige werke; didaktiese en akademiese kennis saam te voeg om 'n individuele aanslag te formuleer om Sesotho as eerstetaal deur al die verskillende opvoedkundige fases aan te bied; die vaardigheid te toon om literêre en ander teks te integreer vir die onderrig van taal en taalvaardighede; didaktiese vaardighede toe te pas op die onderrig van taal en letterkunde.		
Modulekode: SSMN315 (8)		NKR-Vlak
Titel: SESOTHO		
Module-uitkomst:		
Die student behoort in staat te wees om kennis te demonstreer aangaande gevorderde taalvaardighede en verskillende genres van drama en prosa; didaktiese en akademiese kennis saam te voeg om 'n individuele aanslag te formuleer om Sesotho as eerstetaal deur al die verskillende opvoedkundige fases aan te bied; effektief in Sesotho te kan kommunikeer oor die algemeen en spesifiek aangaande alle aspekte van die onderrig-leer situasie.		
Modulekode: SSMN325 (8)		NKR-Vlak
Titel: SESOTHO		
Module-uitkomst:		
Die student behoort in staat te wees om gevorderde akademiese en didaktiese kennis te demonstreer aangaande die grammatiese strukture van Sesotho, en Sesotho poësie.		

Modulekode: SVXN125 (16)	NKR-Vlak
Titel: SESOTHO DIDAKTIEK	
Module-uitkomste: Die student behoort in staat te wees om kennis, vaardighede en waardes te demonstreer van die HNKV soos wat dit betrekking het op die leerarea Tale (Sesotho); dit te kan gebruik en toepas in die skoolkonteks; kennis te dra van UGO-terminologie en verwante gebiede; te assesseer deur die verskillende opvoedkundige fases; aktiwiteite te fasiliteer rakende taalvaardighede (luister, praat, lees en skryf); onderrighulpbronne effektief te selekteer en te gebruik.	
Modulekode: SVXN325 (16)	NKR-Vlak
Titel: SESOTHO DIDAKTIEK (3 ure)	
Module-uitkomste: 'Die student behoort in staat te wees om kennis en vaardighede te demonstreer aangaande assesseringstegnieke, metodes en strategieë; groepwerk te gebruik, bestuur en fasiliteer in die klas; kennis en vaardighede te demonstreer in die onderrig van letterkundige werke deur al die opvoedkundige fases; Sesotho in die klas te administreer en bestuur; aktiwiteite toe te pas by die onderrig van taalvaardighede.	
Modulekode: TECK315 (8)	NKR-Vlak
Titel: TEGNOLOGIE: LEERAREA	
Module-uitkomste: Die student behoort in staat te wees om 'n basiese agtergrondkennis oor die leerarea Tegnologie te demonstreer; die probleemoplossende en kreatiewe aard van die leerarea Tegnologie en die unieke metodologie daarvan in onderrig kan toepas; kennis, begrip en rakende tegnologie en tegnologie-opvoeding te toon met die toepassing daarvan in die onderwyspraktik en dit te analiseer; die rol wat tegnologie-opvoeding in welvaartskepping in 'n land speel, te evalueer; 'n etiese en verantwoordelike houding tydens die onderrig in die leerarea Tegnologie te demonstreer.insig	
Modulekode: WAPN125 (8)	NKR-Vlak
Titel: ALGEMENE WISKUNDE: BASIESE ALGEBRA	
Module-uitkomste: Die student behoort basiese kennis, vaardighede en waardes rakende algebra as wiskundeveralgemening te bewys, onder andere deurdat roetineprobleme deur gewone algebraïese berekeninge opgelos word; nie-roetineprobleme deur die toepassing van verskillende probleemoplossingstrategieë op te los; funksies op verskillende maniere weer te gee, bv. deur formules, tabelle, grafieke of mondeling; basiese statistiek te gebruik, onder andere die versameling, verwerking, grafiese voorstelling en interpretasie van data; elementêre waarskynlikheid in probleemoplossing te gebruik; aan groepwerk deel te neem as 'n metode in die onderrig-leerproses.	
Modulekode: WAPN325 (8)	NKR-Vlak
Titel: ALGEMENE WISKUNDE	
Module-uitkomste: Die student behoort basiese kennis, insig en begrip demonstreer ten opsigte van elementêre meetkunde (insluitende punte, lyne, hoeke, driehoeke, vierhoeke en veelhoeke, simmetrie en tessellasies, meting, area van reëlmatige en onreëlmatige plat figure, volume en kapasiteit).	
Modulekode: WIPN125 (8)	NKR-Vlak
Titel: WISKUNDE: ALGEBRAÏSE GETALLESSELSELS	
Module-uitkomste: Die student behoort basiese kennis, begrip en insig van getallestelsels te kan demonstreer deur die eienskappe van elke getallestelsel te gebruik en bewerkings binne 'n spesifieke getallestelsel uit te voer; een getallestelsel se uitbreiding na 'n ander te motiveer.	
Modulekode: WIPN315 (8)	NKR-Vlak
Titel: WISKUNDE: ELEMENTÊRE STATISTIEK	
Module-uitkomste: Die student behoort basiese kennis, begrip en insig van elementêre statistiek te kan demonstreer deur uitkomste van gebeurtenisse te voorspel en die waarskynlikheid van afhanklike en onafhanklike gebeurtenisse te definieer en te bereken met behulp van teltegnieke soos permutasies en kombinasies, asook werklikheidsgetroue toepassings daarvan uit te voer.	
Modulekode: WIPN325 (8)	NKR-Vlak
Titel: WISKUNDE: TRIGONOMETRIE EN ANALITIESE MEETKUNDE	
Module-uitkomste: Die student behoort basiese kennis, begrip en insig te kan demonstreer van trigonometrie deur werklikheidsgetroue probleme met behulp van twee- en driedimensionele figure op te los, en	

trigonometriese identiteite te bewys; en van analitiese meetkunde deur parabole, ellipse en hiperbole as kegelsnedes te definieer, vergelykings af te lei, grafieke te teken en die gebruik van kegel-snedes in die werklike lewe te identifiseer.

Modulekode: **WSXN125 (16)**

NKR-Vlak

Titel: WISKUNDE VAKDIDAKTIEK: ALGEBRA

Module-uitkomste:

Die student behoort in staat te wees om grondige kennis, begrip, insig en vaardigheid te demonstreer met betrekking tot die beplanning en uitvoer van kragtige onderrig-leergeleenthede vir die leer van skoolalgebra, met spesifieke verwysing na die volgende: wat dit beteken om wiskunde te doen, hoe wiskunde verstaan word, die onderrig van wiskunde deur middel van probleemoplossing, assessering as integrale deel van onderrig-leer van wiskunde; algebraïese redenering, funksies, waarskynlikheid en datahantering.

Metode van aflewering:

Modulekode: **WSXN325 (16)**

NKR-Vlak

Titel: WISKUNDE VAKDIDAKTIEK: MEETKUNDE

Module-uitkomste:

Die student behoort in staat te wees om grondige kennis, begrip en vaardigheid te demonstreer met betrekking tot relevante onderrig- en leerteorieë ten opsigte van skoolmeetkunde, die beplanning en uitvoer van kragtige onderrig-leergeleenthede in die wiskundeklaskamer vir alle studente, met spesifieke verwysing na die volgende: die ontwikkeling van begrippe ten opsigte van meting en meetkunde (byvoorbeeld hoeke, punte, lyne, driehoeke, vierhoeke).